

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

17 April 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Spesiale uitgawe



Kerkwees in grendeltyd

Een van die gonswoorde gedurende die afgelope paar weke was "video". Of dit nou gesprekke via Skype of Zoom is of gewoon verwys na die magdom "clips" wat ons via WhatsApp na vriende en familie aanstuur om te vermaak of bemoedig of in te lig. Video is 'n toenemend belangrike deel van die digitale voertaal – veral in dié tyd van afsondering, waar lidmate gedwing word om tuis te bly eerder as om saam te kom by plekke van aanbidding.

In hierdie spesiale uitgawe publiseer *Kerkbode* bydraes oor virtuele pastoraat, digitale leergemeenskappe, leierskap in tye van krisis en ons vertel gewoon stories oor kerkwees in 'n tyd van Covid-19.



SKRUIV
emeen te

Anders



Dr Riaan Gerber en sy dogter, Anchen.

Foto verskaf

Leraar verdrink toe seestroom hom vat

JACOBIE M HELENA

“P”assievol en eg met ’n sin vir humor.”

Só beskryf dr Wollie Grobler sy vriend, dr Riaan Gerber, wat op Dinsdagoggend, 24 Maart, in die see by Margate verdrink het. Gerber, wat die afgelope 20 jaar predikant by NG Moedergemeente Vrede was, was saam met sy gesin met vakansie aan die Naltse Suidkus toe hy en sy dogter deur ’n stroom meegesleur is, berig *Netwerk24*.

“Dit is vir my verskriklike nuus. Dit is steeds onwerklik. Ek het gisteraand só gehuil dat my vrou my moes troos,” vertel Grobler van die oomblik toe hy die nuus gehoor het. Hy beskryf Gerber as ’n veelsydige mens met ’n toewyding vir die lewe.

Dr Carin van Schalkwyk, skriba van die Sinode van die Vrystaat, beskryf Gerber as ’n goeie gemeentedominee en pastor wat ’n mooi pad met die gemeenskap van Vrede gestap het.

Ds André Barlow, emerituspredikant wat saam met Gerber by die Vrystaatse sinodale sentrum vir predikantebegeleiding betrokke was, sê Gerber het ’n besondere rol by die sentrum gespeel. “Hy was ’n kosbare en besondere begeleier én, moet ek byvoeg, ek het al heerlike whiskey saam met Riaan gedrink. Hy was ’n kenner op die gebied van whiskey. Hy het my só baie van verskillende whiskeys geleer en altyd name genoem wat ek nie eens geweet het bestaan nie,” vertel Barlow.

Prof Fanie Snyman, emeritusprofessor aan die Universiteit van die Vrystaat, sê Gerber is een van sy studente wat ’n vriend geword het. Snyman onthou Gerber vir sy goed voorbereide preke en sy helder teologiese denke. “Riaan was ’n pastor wat naby aan die gemeenskap van Vrede geleef het. Hy was ongelooflik lojaal aan die hele gemeenskap van Vrede. Riaan was ’n gesinsman wat lief was vir mense. Ons het ’n geliefde en gerespekteerde dominee verloor,” sê Snyman.

Van Schalkwyk sê begrafnisreëlings is nog nie bekend nie omdat die Sinode nog wag op inligting oor die maatreëls vir begrafnisse wat tydens die staat van inperking nagekom moet word.

Sorg: ‘Muisbesoek’ gedy en is hier om te bly

JACOBIE M HELENA

Inperking weens die Koronavirus het die pastorale verskynsel van digitale huisbesoek, oftewel “muisbesoek”, inderhaas laat gedy – en dit is waarskynlik hier om te bly.

“Covid-19 het ons gedwing om baie vinnig op ’n nuwe manier by ons mense uit te kom. Nou kan ons oor groot afstande heen saam koffie drink en saam bid,” sê dr Roelf Opperman van NG gemeente Kameeldrift oor die nuwe geleentheid wat digitale huisbesoek bied. Een van hierdie gemeente se digitale bedieningsvorme is ’n nuusbrief getiteld *Muisbesoek* en is al vir minstens ses jaar aan die gang, vertel Opperman se kollega, ds Drian Viljoen. Maar die Korona-kluistering het inisiatiewe soos hierdie se status vir talle gemeenteleiers wat sukkel om kontak te behou met lidmate van “oulik” na “noodsaaklik” gelig.

By NG gemeente Margate kommunikeer die leraars weer met die gemeente deur WhatsApp-groepe, vertel ds Lerisa Meyer: “Ons doen gewoonlik tradisionele huisbesoeke in ons gemeente. Die gemeente het gelukkig deur die WhatsApp-groepe die vrymoedigheid om ook individueel met my te kommunikeer. Die pastorale versorging word ook digi-

taal deur die ouderlinge in die wyke gedy.”

Prop Melanie Thirion, wat by NG gemeente Kenridge in die noordelike voorstede van Kaapstad bedien, vertel hoe effektief digitale huisbesoek in ’n krisistyd soos hierdie is: “Só het een van hierdie video-oproep my tot in die huis van ’n moedelose ma gebring, wat vir die afgelope week nog nie kontak met die buitewêreld gehad het nie. Haar kinders suig elke greintjie van haar energie en sy is oorweldig en uitgeput. Die video-oproep was ’n broodnodige konneksie wat haar isolasie gebreek het, en sy kon vir ’n oomblik asemhaal,” vertel Thirion.

Ds Coen Sutton, emeritusleraar by NG gemeente Drie Riviere, meen leraars kan dankbaar wees vir sosiale media wat as middel in diens van die Woord sinvol benut kan word om lidmate geestelik te versorg. Dit is vir Sutton veral nodig in die buitengewone omstandighede wat die wêreld tans beleef. Hy glo egter nie dat digitale kontak op die langtermyn tradisionele huisbesoek by lidmate kan vervang nie.

Intussen toon interessante navorsing oor verbruikersgedrag in ’n tyd van Covid-19 hoe die pandemie bestaande

tendense bloot versnel. Veral e-handel word omhels in hierdie tyd, met 84% van alle aanlynverbruikers in China wat tydens hulle afsonderingstyd ten minste een nuwe aanlyndiens op die proef gestel het, volgens data wat deur die navorsingsmaatskappy Kantar gepubliseer is. Aanlynwinkels sien ’n toename in aanvaarding van hulle dienste deur verbruikers vir wie hierdie gewoonteverandering vroeër ongemaklik en duur gevoel het,” verduidelik die Kantar-span oor hulle voorlegging uit die Kantar SA Barometer Maart 2020.

Thirion sê digitale huisbesoeke is ook uitdagend: “Met twee kinders in die huis is die videobesoeke wel nie maklik nie, want kinders en skerms is soos twee pole van ’n magneet. Hulle plak aan mekaar vas! Na vele kere se ‘Gaan speel, Mamma is besig’, het ek ingegee en vir Zia, ons dogtertjie, saam laat huisbesoek doen. Dis veral effektief by mense wat ook kinders het. En so het die kinders ook begin om mekaar te bedien. Só skep ons community vir mense. Jy weet nie wat jy kry wanneer mense jou video-call antwoord nie, en dit gee die kerk die geleentheid om mense te bedien in hulle beste of slegste oomblikke,” sê Thirion.

Begravnisse: groet sonder die troos van omhelsing

CONETTE LE ROUX

Hoe verduidelik jy aan ouers dat hulle nie ’n “gewone” begrafnis vir hulle oorlede baba kan hê nie?

Dit is maar net een van die uitdagings waarvoor leraars soos ds Karlien Becker van die NG gemeente Nulerus tydens nasionale inperking te staan kom. Lidmate in haar gemeente het onlangs hulle seuntjie aan die dood afgestaan.

Die roudiens het op Vrydag, 3 April, op dié plattelandse dorp in die noorde van die Wes-Kaap plaasgevind.

“Dit was moeilik om aan die familie te verduidelik wat die reëls is, in ’n tyd wat reeds swaar vir hulle is. Hulle sou graag ’n gewone begrafnis vir hulle kind wou hê, saam met almal wat hulle in die laaste paar weke (tydens die seuntjie se siekbed) in die plaasgemeenskap ondersteun het,” vertel Becker.

Nuwe wetgewing steek egter ’n stokkie voor troos waaraan Suid-Afrikers hulle lewe lank gewoond was. “Tydens die begrafnis moet die reëls

van distansie ook gehou word, hande moet voor en na die tyd gewas word en mense moet ver uitmekaar sit. Maar ek weet nie hoe ek hulle gaan keer om mekaar te troos met ’n drukkie nie,” sê Becker hieroor.

Die wet vereis verder dat die begrafnis deur slegs 50 uitgenooide, wie se name en kontakbesonderhede op ’n lys aangebring word, bygewoon mag word. En dat daar geen verwers na die tyd geniet sal word nie.

“Vir ’n boeregemeenskap, wat wil saam tee drink, is dit baie swaar,” verduidelik Becker.

Met dié reëls, sê Becker, het die begrafnisondernemer Gielie de Kock haar baie gehelp. Ook om die reëls aan die familie oor te dra.

Volgens Becker het, behalwe die begrafnisondernemer se hulp, die riglyne rondom begrafnisse wat vanaf die Algemene Sinode gekommunikeer is, baie gehelp.

Becker sê verder: “Gelukkig het ek voor die tyd al ’n briefhoof en vorms van essensiële diens by my gemeente se skriba laat invul en uitgedruk met



Vir vele bied begrafnisdienste ’n plek van laaste troos en afskeid, soos hierdie aangrypende toneel wat verlede jaar by die diens van dr Hugo van der Linde in Kemptonpark geneem is, aantoon. Maar nou, met nuwe afsonderingsbepalings, is dié gedrag ontoelaatbaar, vertel ds Karlien Becker.

Foto: Herman Verwey

bewys van huisadres, ens. Die vorm is soos ’n permit en was in die Staatskoerant.”

Becker moes ook ’n verdere vorm invul wat die begrafnis wettig maak.

Volgens Becker was nog ’n uitdaging die feit dat sy nie die ouers by hulle huis pastoraal kon gaan ondersteun nie, maar dit oor die telefoon moes doen.

“Maar ’n mens is maar gespanne oor die feit of net 50 mense by die begrafnis sal opdaag. Ek hoop almal bly gesond,” aldus Becker.



Die foto wat op 23 Maart op die voorblad van Die Burger gepryk het. Matthys en Maryke Visagie se troue by Murasie in Gansbaai sal nog lank onthou word vir die ongewone omstandighede waarin dit plaasgevind het. Totale inperking vir Suid-Afrikaners steek 'n stokkie voor enige verdere beplande troues. Foto: Sonja Walker van Captured Photography

Dominee oor 'masker-troue'

CONETTE LE ROUX

“Ek en almal by die troue was baie gemaklik onder die omstandighede – daar was 'n gesellige atmosfeer en almal teenwoordig was goed ingelig oor die maatreëls wat geld,” vertel ds Corné Kemp, leraar van die NG gemeente Hermanus, wat seker een van die laaste huwelikeremonies voor totale inperking behartig het.

Volgens hom is daar onder andere geen alkohol bedien nie en handontsmettingsmiddels is oral tussen gaste geplaas by die troue wat op 21 Maart by Murasie buite Gansbaai plaasgevind het.

Sonja Walker van Captured Photography, wat die fotograaf by die Murasie-troue was, het ook 'n bespreking vir komende naweek vir 'n troue gehad.

“Ek het net geweet dit (totale inper-

king) gaan kom. Ek het probeer om al my gewone sessies in te druk voor 23 Maart, maar ek gaan uit ordentlikheid eers my bruid kontak. Sy het eers tyd nodig gehad om aan alles te dink. Ek dink sy het dit ook ver wag. 'n Mens moet maar mekaar bystaan,” sê Walker.

Volgens Walker sal sy geen verdere troues in die volgende ses weke fotografeer nie.

Afsondering: wenke uit dié pastorie

JACOBIE M HELENA

“Wat beplan julle vir lockdown?” Só vra ds Jampie Nel van die NG gemeente Oostersee op Facebook. Jampie vertel wat in die Nel-pastorie tydens die volgende 21 dae van die nasionale staat van inperking beplan word en ons noui Kerkbode-lesers uit om ook hulle wenke en planne in die kommentaarafdeling onderaan hierdie berig te deel.

Jampie skryf:

1. Ons beplan 'n spring cleaning in herfs. Marius (haar man) ontdek nog die tjeks waarmee ons die ginekoloog, toe ek ons 27-jarige dogter Marelize (nou Meyer) verwag het, betaal het.
2. Ons doen die gewone mindless goed soos fliëks kyk, lees, slaap en eet.
3. Maar ons kan nie net mindless dinge doen nie! Ons maak nou tyd om te praat oor die dinge wat jy gewoonlik nie tyd voor het nie, byvoorbeeld wat in die huis

heelgemaak of weggegooi moet word.

4. Ons speel gesprekspeletjies.
5. Ons werk aan 'n roetine. Roetine gaan belangrik wees as dit kom by Zoom-vergaderings, want dan moet ons koördineer om in verskillende vertrekke te vergader.
6. Ons treadmill moet gebruik word – oefening dryf depressie weg.
7. Die grootste ekstrovert word vir inkopies gestuur. Ons seun Pieter gaan gedisinfecteer word van bo tot onder as hy van die winkels terugkeer!
8. Ek doen telefoonhuisbesoek. As ek elke dag 15 mense bel behoort al die lidmate in Oostersee-gemeente na 21 dae 'n oproep van my te ontvang.
9. As deel van ons daaglikse roetine, wil ons 'n doelbewuste tyd van gebed instel waar ons vir 'n lys mense of gemeenskappe bid.
10. Verantwoordelikheid vra ook dat 'n mens seker maak jou sake is in orde indien daar 'n noodsituasie opduik.

11. Wie kan ons help? Ons is bevoorreg om soms uit te gaan of in 'n koffiewinkel te kuier. Hierdie maand gebruik ons die petrol- en sosiale geld om iemand anders se las te verlig. Wie kan jy help?

12. Ons werk in Lydenstyd deur die Johannesevangelie.

13. Leef doelbewus in dankbaarheid. Pas jou gedagtes en gesprekke op. Romeine 12 help ons hiermee, maar dit is nodig om 'n besluit te neem om daaglik in dankbaarheid te leef.

“Ons het te midde van 'n krisis- en onseker tyd 'n groot geleentheid om nuut te dink, anders te leef en nader aan die Here te kom. Mag ons met nuwe oë kyk en helder sien,” skryf Jampie.

► Ds Jampie Nel is predikant van die NG gemeente Oostersee, getroud met prof Marius Nel, professor in Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch (US) en hulle seun Pieter is 'n vierdejaar-teologie-student ook aan die US.

R1 miljoen om kinders se hongerpyne te stil

Kry so vinnig en prakties as moontlik kos by weerlose kinders terwyl die land deur die Korona-pandemie lamgelê word.

Dit was 'n anonieme donateur se doelwit toe hy/sy vandeeweek 'n skenking van R1 miljoen aan Little Seeds, die gesamentlike vroeëkind-derontwikkelingsprogram van Badisa en Diaconia gemaak het. Badisa en Diaconia is onderskeidelik die gesamentlike welsynsorganisasie en diensgroep vir gemeentelike barmhartigheid van die NG Kerk en VG Kerk in die Wes-Kaap en Oos-Kaap (VGK).

“Met alle versorgingsfasiliteite en skole wat gesluit is, is daar ernstige kommer oor kinders se voeding, aangesien soveel kinders daagliks van die etes afhanklik is wat normaalweg by hierdie fasiliteite voorsien word,” sê ds Nioma Venter, wat aan die stuur van die Wes-Kaapse Sinode se barmhartighedsarm staan, oor die ruim donasie.

Die donasie maak dit vir Little Seeds moontlik om vir 2 913 kinders vir die volgende agt weke kos te voorsien.

“Dit is 'n wonderlike storie, want terwyl ons besig was om kop te krap oor hoe ons die kinders wat betrokke is by ons programme gaan kosgee tydens die inperkingstyd, het die Here met iemand 'gesels' wat toe besluit het om in die kinders se nood te kom voorsien,” vertel Christine Quickfall, hoof- uitvoerende beamp- te van Badisa.

Volgens Quickfall het hulle na die president se noodtoestand-aankondiging onmiddellik die VKO-sentrums, dagmoeders en SmartStarters se programme gestaak.

Venter verduidelik: “Die grootste gedeelte van die geld sal hetsy deur die beheerrade van VKO-sentrums of maatskaplikewerk-kantore en dagmoeders bestuur word. Verder is heelparty gemeentes direk betrokke en sal van die fondse ontvang en kanaliseer. Die belangrikste is dat ons al die sisteme in plek het om nou as kerk met 'n voetspoor in elke lieve gemeenskap, by kinders uit te kom.”

Hoewel die donateur verkies om anoniem te bly, het die persoon toestemming gegee dat die publiek uitgedaag moet word om ook van die kerk se strukture gebruik te maak om weerloses te help, het Quickfall gesê.

Sy het verduidelik dat hulle tans probeer om deur hulle diensentrums vir bejaardes kospakkies aan bejaardes buite die sentrum uit te deel.

Indien jy betrokke wil raak is Diaconia se rampfondsbesonderhede: Diaconia, Nedbank, Rekeningnommer 1135900337, Takkode 198765, e-pos diaconia@kaapkerk.co.za

Die volgende gedrukte Kerkbode verskyn op 1 Mei 2020.

Korona: SA steun swaar op sosiale media, vrees vir geldsake

LE ROUX SCHOEMAN

Suid-Afrikaners se Facebookgebruik het met 43% toegeneem en WhatsApp hou ons selfs nog meer besig as gewoonlik. Die boodskap-toep se gebruik het met 45% toegeneem, terwyl plaaslike radiostasies se luistertal met 30% geklim het, volgens data wat vandeemaand (Maart) deur die navorsingsmaatskappy Kantar bekendgestel is.

Maar die storie van Covid-19 is veel groter as 'Pandemie boost Facebookgebruik ...' Trouens, selfs as jy reeds vrede gemaak het met die feit dat ons in 'n sogenaamde VUCA-wêreld leef, wat staan vir Volatile, Uncertain, Complex, Ambiguous het die Koronavirus dinge nog meer omgeklits.

"Dit is nou VUCA op steroïede," het Ivan Moroke, die hoof-uitvoerende beampte van Kantar se Insigte-afdeling in Suid-Afrika gesê.

En daar is reeds vele lesse te leer uit Suid-Afrikaanse verbruikers se reaksie op die gesondheidskrisis waarvoor slegs 16% van respondente glo ons gereed is om die uitdaging trompop te loop.

Talle Suid-Afrikaners is veral tans besorgd oor die ekonomiese uitwerking

van die Koronavirus. En dat 'n fundamentele skuif in die samelewing op hande is, blyk duidelik uit dié Kantarverslag, wat as 90 minuut webinar (web-seminaar) uitgesaai is.

Die navorsers, wat hulle boodskap veral aan handelsmerkbestuurders rig, meen daar is ses skuiwe ("shifts") ter sprake wat die Suid-Afrikaanse werklikheid sal help vorm:

- Handel: Van baksteengeboue (die sogenaamde "brick and mortar") na 'n mengsel van e-handel én geboue.
- Getemperde aanvraag: Nuwe respek vir "noodsaaklikhede".
- Kentering: Van Era van Self na Ge-deelde Mensdom.
- Ruimhartigheid: Van handelsmerke waarby "ek" baat vind, na dié met impak op die gemeenskap.
- Media: Van "Die Gewone" na Tuisbly-ontsnapping en digitale bemagtigers.
- Organisasies: Van 'reaktief' na dié wat 'antisiperend' te werk gaan.

Volgens Lerato Kgatla, lid van Kantar se voorleggingspan, kan hierdie tyd 'n waterskeiding vir die mensdom wees. Sy haal die handelsmerkkenner dr Marti-

no Olbertova aan, waar dié sê: "As far as bags and shoes go, maybe this is to remind us that we live in a society that worships meaningless things instead of embracing and fully activating things that really matter." Volgens Kgatla kan die wesenlike beproewinge van hierdie pandemie ook daartoe lei dat bestaande waardes in ons samelewing eenvoudig meer prominent word, soos eenvoud en medemenslikheid, vrygewigheid, samewerking.

Kantar se span analiste meen besighede sal in die komende weke veral moet bontstaan om sin te maak van die volgende faktore as hulle die ontwinging wil oorleef:

- Meer verbruikers wat e-handel omhels – en nie net totdat "lockdown" verby is nie.
- Wilde wisselings in aanvraag.
- 'n Knou vir sekere verbruikerskategorieë (luukse produkte) namate die samelewing sy prioriteite heroorweeg.
- 'n Toenemende skuif na afstandwerk (remote working) wat werkmaglogistiek uitdaag.
- 'n Skuif in wie nou juis jou "teenstander" in die mark is.

Korona: tente, kospakkies en noodplanne vir haweloses

Dis 'n krisis wat nie grense ken nie en verg 'n respons wat nie perke aan vindingrykheid stel nie, berig Conette le Roux oor die tentedorpe en ander omgeplanne wat beraam word om die mees weerloses teen die Koronavirus te probeer beskerm.

"Toe die president nasionale lockdown aangekondig het, was daar meestal nêrens waar haweloses kon gaan lockdown nie."

So vertel ds De la Harpe le Roux, besturende direkteur van Torings van hoop in Bloemfontein, wat onder andere 'n daaglikse sopkombuis vir haweloses bedryf.

Maar, sê Le Roux, gelukkig is daar mense soos Hennie Muller.

Sowat 40 km buite Bloemfontein huisves Muller 72 volwasse haweloses op sy kampterrein.

Volgens Muller is die 60 mans en 12

vroue medies ondersoek en kon geen Koronavirus-simptome onder die groep mense gevind word nie.

"Hulle is onder isolasie en die weer-mag en polisie help toesig hou. Isolاسie beteken geen kontak met die buitewêreld nie, behalwe ek en twee helpers wat gereed moet kos aankoop, want hulle eet verskriklik baie," lag Muller. Om dit moontlik te maak ondersteun talle individue en organisasies hom.

Muller verduidelik die mense het vir die eerste ruk net ontspan en mekaar leer ken. "Verder is hier 12 mense van Victoria Outreach wat help met geestelike bediening soos die nood ontwikkel," aldus Muller.

Ds Francois Smit, wat by PEN in Pretoria betrokke is, beaam dat 'n "lockdown" vir haweloses 'n groot probleem is.

"Vandat die besighede toegemaak

het, het die kos wat daagliks gegee is, opgedroog. Die chroniese medisyne ook."

Volgens Smit is hulle tans besig om 'n plek van veiligheid in die middestad van Pretoria reg te kry, daar is verskeie gemeentes wat help om klein groepies te huisves en in Burgerspark is hulle besig om tente vir sowat 200 mense op te rig.

Ds Scherlize Hayes, leraar van die NG gemeente Ysterplaat-Suid in Kaapstad, vertel hulle moes ook heelwat planne maak vir die inperkingtydperk omdat daar soveel weerloses in hulle gemeenskap is.

"Ons was veral bekommerd oor ons kinders wat meestal by die skool en daagliks by die kerk eet (onder normale omstandighede)," verduidelik Hayes.

Hayes sê: "Daarom het die gemeente saam met die laerskool 40 behoeftige gesinne geïdentifiseer en 'n lys van bejaardes saamgestel wat ook op Sassa-toelae lewe."

Hayes verduidelik verder die aksieplan: "Ek, saam met vier vrywilligers, sal elke Maandag kospakkies (genoeg om sewe dae te hou) by die huise aflewer. Ons lewer ook saam met die kospakkies, aktiwiteitspakkies vir kinders af (klei-, inkleur- en uitknip-aktiwiteite, met Bybelstukkies), en tydskrifte vir bejaardes. Deur die week sal ek gemeentede telefonies 'besoek' en ons lewer (omdat die meerderheid van ons gemeenskap nie toegang tot data en WiFi het nie), erediens via WhatsApp en SMS."



"Selfs met soveel jaar se ervaring in die sorg vir diegene sonder heenkome, maak 'n pandemie soos die Koronavirus dit uiters moeilik vir ons om ons roeping uit te voer." – Leona Pienaar, uitvoerende hoof: MES

Koronavirus: Groot besluite vir dié wat haweloses bedien

LE ROUX SCHOEMAN

Met 'n hawelose bevolking van soveel as 100 000 in die groter Johannesburg, is die taak om die impak van die Koronavirus te probeer beperk 'n reuse-uitdaging vir spesialisorganisasies soos MES.

"Selfs met soveel jaar se ervaring in die sorg vir diegene sonder heenkome, maak 'n pandemie soos die Koronavirus dit uiters moeilik vir ons om ons roeping uit te voer," het Leona Pienaar, uitvoerende hoof van dié bekende nasionale middestadbedieningsorganisasie luidens 'n persverklaring gesê.

"The Coronavirus will have a far-reaching impact on all of us, especially on those who are poor and destitute. MES is concerned with this impact and on what can be done to protect and educate the homeless community about Covid-19," het Pienaar gesê in 'n verklaring wat onder meer by www.mes.org.za om donasies en ondersteuning van die publiek vra.

Pienaar glo die nieregigeringsorganisasie se rol sal van kritieke belang wees in die dae wat vir Suid-Afrika voorlê. Haar span se doelwit is, onder meer "om die mees weerloses se immuunstelsel hoog te hou," volgens een van 13 maatreëls wat aangebring is in die lig van die gesondheidsuitdaging.

MES se netwerk van hawelosesentrums sal poog om samedromming waar moontlik te vermy. "We will continue to provide nutritious meals served at the MES canteens under strict hygiene control and we will not have group meetings or discussion groups. Groups will be managed in smaller units of less than 20 at different intervals," volgens die MES-verklaring.



Hoe lyk tuisbly vir diegene wat haweloses is? Hierdie foto wys hoe die tydelike slaapplek lyk vir van die 72 haweloses wat tans by 'n kampterrein buite Bloemfontein gehuisves word.

Foto verskaf



Tom Smith oor armoede en rykdom en sy terugkeer na die NG Kerk

JACO STRYDOM

Ek en Tom Smith gesels by Fontainebleau Gemeenskapskerk in Randburg waar hy tans propo- nent is en hopelik binnekort bevestig gaan word as diensleer. Nie hy of Schalk van Heerden, die ander ou wat pas gelegitimeer is as proponent, sou 'n paar jaar gelede kon raai dat hulle vandag NG Kerk-mense sou wees nie.

'n Klomp dinge het hier by Fontainebleau Gemeenskapskerk met Tom gebeur. Toe hy 'n tiener was het hy een aand by 'n jeug-koffiekroeg van die gemeente tot bekering gekom.

In graad 11 het hy geweier om be- lydenis van geloof af te lê en in matriek is hy onder sensuur geplaas wat 'n klomp moeilikheid met die kerk en die hoërskool, waar hy pas as hoofseun verkies is, tot gevolg gehad het.

Tom het besluit om AGS-teologie te gaan studeer by die destydse RAU en 'n jeugpastoor geword. Later verhuis hy en sy vrou Lollie na die VSA waar hy vir 'n tyd lank in 'n gemeente dien. Dit was 'n wonderlike tyd, vertel Tom, maar hy het al meer begin terug verlang na Afrika.

Op 'n dag besluit hy en Lollie dit is tyd om terug te kom Suid-Afrika toe. Hulle het in Johannesburg gaan woon waar hulle gehelp het om 'n multikul- turele gemeente in Cosmo City te begin. Tom het saam met van die ander be- trokkes kursusse begin aanbied om

gemeentes te help om oor kultuurgrense heen kerk te wees.

'n Paar jaar later woon Tom 'n kon- templatiewe stilwordgeleentheid by Fontainebleau Gemeenskapskerk by en kry 'n gevoel dat hy weer betrokke moet raak by die gemeente.

One thing led to another en nie lank daarna nie is hy terug en nou sit ons hier en koffie drink by die nuwe koffiewin- kel van Fontainebleau Gemeenskaps- kerk. 'n Vol sirkel.

As Tom vandag terugdink is hy dank- baar vir sy ervarings met die uiteenlo- pende mense wat hulleself sien as deel van God se liggaam.

Tom het sy meestersgraad gedoen by Tukkies oor die Vroeë Kerk se sienings rondom rykdom en armoede. Toe ek hom hieroor uitvra verwys hy na die kerkvader, Klemens van Aleksandrië, wat geworstel het met die vraag: Kan ie- mand wat ryk is hemel toe gaan?

"Jy kan jou in vandag se manier van kerkwees nie eens indink dat iemand daai vraag sal vra nie," sê hy, "maar vir die Vroeë Kerk, en frankly vir Jesus, was rykdom en armoede sake van groot geestelike belang."

Ek het hom gevra waarom die groot, ryk, magtige kerk met al die hulpmid- dels vandag soveel minder regkry as die klein, weerlose, onwettige kerk sonder vryheid van spraak in die eerste drie eeue. Rykdom en mag maak dat 'n mens

fokus verloor, sê Tom.

As ons baie het om te verloor, is ons geneig om eerder te wil beskerm en be- waar as om te waag en om te gee en te beweeg.

Volgens Tom gaan die kerk in die toekoms, soos sy meer en meer mag en geweldheid begin verloor, voor die uit- daging staan van die vraag: "Gaan ons aan die bietjie wat ons oor het probeer vashou, net salarisse betaal en probeer oorleef (en ons teologie daarby aanpas), of gaan ons daarop fokus om in te val by God se wilde avontuur en weer die vroeë kuns van eenvoudige kerkwees herontdek?"

"Om van Jesus te weet en vir Jesus te volg is twee verskillende dinge," sê Tom. Om Jesus te volg was nog altyd 'n hoë risiko avontuur.

As deel van sy graad het Tom 'n klomp mense 'n vraelys laat invul oor rykdom en armoede vandag in Suid- Afrika en oor waar hulle hulleself sosio- ekonomies sou plaas.

Een van die dinge wat hom verstom het, is dat ryk mense nie weet hulle is ryk nie. Die meeste mense sou bloot sê hulle is "maar net middelklas" en hulleself selfs 'n bietjie jammer kry al gaan dit eintlik finansiële buitengewoon goed met hulle.

"Die middelklas het 'n wegstreep geword vir die meeste Afrikaners," sê Tom, "want as ek my as 'middelklas'

identifiseer, kan ek myself verontskul- dig van al daai radikale goed wat Jesus vir ryk mense gesê het."

Die probleem is dat as jy nie weet jy is ryk nie, jy geneig is om te moan en te kla en jouself selfs as 'n slagoffer te sien, terwyl jy eintlik veronderstel is om be- sig te wees met ander vroeë en hopelik te besef watter groot potensiaal en verant- woordelikheid jy het om 'n verskil te maak.

Iets wat my opval is Tom se eerlik- heid oor sy eie worsteling met hierdie dinge. Hy praat nie van bo af nie, nie soos iemand wat al die antwoorde het nie, eerder iemand wat 'n probleem raaksien. Nie as iemand wat gearriveer het nie, maar eerder as 'n ou wat met homself en die wêreld probeer eerlik wees, wat saam wil soek en worstel en weer 'n keer probeer.

Teen die einde van die gesprek vra ek vir Tom wat hom hoop gee. Wat mo- tiveer hom om aan te hou? Die idee van God se wilde-koninkryk-avontuur, sê hy, en die groot groep jong leiers wat hy orals in die kerk in Suid-Afrika raak- loop wat opgewonde is om deel te wees daarvan.

"Die versoeking is groot om net shop te close as 'n geestelike leier en bloot kerkmense te sus, maar die hoop wat daar is, is in soveel communities wat hierdie wilde Messias volg en sê ek join hierdie mission! Lekker stuff!"

Leë winkelrakke en veelsydige elmboë

CONETTE LE ROUX

Inkopiesopname vir die nodigste items op 'n Bolandse dorp lyk drasties anders as gewoonlik nadat die president die Korona-pandemie tot nasionale ramp verklaar het.

Maar, dalk omdat daar nog geen Koronavirus-gevalle op die dorp was nie, is die paniekmeter nog taamlik laag.

In die plaaslike apteek dra som- mige werknemers seegroen maskers en handskoene vir beskerming. An- der, soos een van die aptekers agter die toonbank, sê weer sy sou graag haar masker wou dra, maar sy voel eenvoudig te benoud. "Hier was da- rem nog geen gevalle op Wellington nie," stel sy my gerus. "Maar as die vi- rus onder siek mense begin versprei, het ons probleme. Mense met TB, kanker, diabetes, MIV ..."

My tweede stop is by een van die drie supermarkte. Dit lyk asof almal effens vinniger as gewoonlik deur die gange draf. Sommige stoot selfs hulle winkeltrullie met hulle elmboë ... Dit lyk nogal eienaardig en baie onge- maklik. Wat jou dadelik laat dink aan president Cyril Ramaphosa se aan- moediging om jou elmboog oor jou neus of mond te hou as jy hoes of nies.

Hier en daar word opmerkings oor

die leë winkelrakke gemaak.

'n Ouer dame langs my sê: "Geen hoender nie! Wat gaan ons vanaand eet? Ek wonder of daar nog 'n pakkie wors in die vrieskas is," sê sy terwyl sy in haar handsak begin rond soek na haar selfoon om haar man te bel.

By die betaalpunt hoor ek hoe twee kassiere redekawel: "Waar's jou geloof? God sal ons met die Lam se bloed beskerm!" Die ander vrou trek haar gesig. "Julle dink die virus is nie 'n ernstige ding nie. Dis baie ernstig. As dit eers gaan versprei hier op ons dorp ..." sê sy terwyl sy haar hande met skoonmaker spuit.

Laatmiddag staan ek in my kom- pleks se parkie saam met ander ouers wat kyk hoe hulle kinders buite bal- jaar. Die mure begin naderhand almal vasdruk. Sommiges kla dat hulle nie hulle werk gedoen kry nou dat hulle én hulle kinders tuis is nie. Ander sê hulle sien dit as verpligte gesinstyd, ten spyte van die uitdagings. En dat hulle vroegoggend en laataand werk terwyl die kinders slaap.

Dalk moet ons probeer om anders te kyk na dit wat nou verander het. Die spreekwoordelike silwer randjie soek in ongemaklike situasies. Dit natuurlik terwyl jy steeds jou elm- boog, vir welke rede ook al, gebruik.

Klein venstertjies op God



My beskerm

Veiligheid en geborgenheid is die mens se mees basiese behoefte. Daarsonder is hy in groot moeilikheid. Die klein Koronavirus het die veiligheid van die ganse mensdom kom bedreig. Miljoene der miljoene mense – veral ouer mense – leef in vrees. Hulle vrees die doodsgreep van die virus. Die Koronavirus spel gevaar vir die wêreldbevolking net soos die berge rondom Jerusalem vir die Joodse pelgrimsreisigers gevaar ingehou het (Ps 121). Dít was die skuilplek van rowers. Daarom dat die psalmis vra: "Waarvan- daan sal daar vir my hulp kom?" (Ps 121:1). Die beangste mensdom wonder ook vandag waar hul hulp vandaan sal kom. Soos die psalmis vind ons as gelowiges ons troos in God. Hy is ons hulp. Hy het hom by die doopbak aan ons as ons God verbind. Hy, die Skep- per van hemel en aarde, is ons Beskermer. Hy sluimer of slaap nooit. Hy sal ons bewaar.

Foto en teks deur Kobus Smit
Foto: Tafelberg



Kerk en Covid-19: Barmhartigheid is in ons DNS

Die Koronavirus het dalk nie alles heeltemal so deurmekaar gekrap as wat ons dink nie. Só is die mees basiese behoeftes van mense volgens Maslow se behoeftehiërargie steeds onveranderd: Mense moet eet en geklee wees; mense moet veilige beskutting hê; mense moet weet dat hulle nie alleen is nie. Net so is die roeping van die kerk onveranderd as ons byvoorbeeld dink aan die opdrag in Matteus 25:35-46 om na die hongeres en siekes, die vreemdelinge en die gevangenes om te sien. Te midde van die dringende vrae oor hoe ons as kerk kan help, is die breë riglyne daar, was dit nog altyd daar: As daar nood is, moet ons help! Die liefde van Christus dring ons.

Hoe help die NG Kerk mense en gemeenskappe in nood? Met Covid-19 word hierdie vraag weer gevra en dan dikwels met een oog op die werkswyse van ander hulpverleningsorganisasies. Die waarheid is dat die werkswyse van die kerk uiters uniek is en in daardie opsig nie vergelykbaar met 'n organisasie met enkelvoudige doelwitte (soos suiwer noodverligting) nie. Die invloed van die kerk het sy oorsprong in die feit dat dit 'n integrale deel van die plaaslike gemeenskap vorm. Hulpverlening geskied vanuit hierdie diep-gesetelde verhoudings en netwerke. Die verskyning van Covid-19 het onmiddellik hierdie dinamika by elke plaaslike gemeente in elke dorp van ons land geaktiveer. Dit is ongelooflik om te sien hoe gemeentes se bewussyn van mense se nood verhoog het en die eerste bekommernis nie nêr die sorg en oorlewing van die eie gemeente is nie.

Die sinodale strukture van die NG Kerk verskaf deurlopend ondersteuning aan plaaslike gemeentes om hulle in staat te stel om meer effektief in gemeenskappe te wees. Daarom sal ons vind dat wanneer die kerk byvoorbeeld 'n rampfonds bestuur, hulp nie buite-om die plaaslike gemeente gelewer word nie, maar juis deur die plaaslike gemeente na die gemeenskap. In hierdie tyd beleef ons ook dat ons nie met vaste sekerhede en bekende beste-praktyke werk nie, maar met ontwikkelende realiteite (*emerging practises*) wat vra dat ons innoverend en kreatief te werk moet gaan.

Dit is feitlik onmoontlik om die betrokkenheid van die NG Kerk tydens die huidige Covid-19 pandemie te kwantifiseer, veral omdat rand-en-sent nie die enigste waardebepalende faktor is wanneer dit by die kerk se dienslewering kom nie. As lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, is die NG Kerk tot op regeringsvlak konsulerend betrokke. In reaksie op die SARK se versoek het gemeentes regoor die land heen vandeeweek hulle geboue geregistreer as sentra vir hulpverlening. In die tien sinodes van die NG Kerk is daar twaalf geregistreerde kerklike maatskaplike diensterade wat noodsaaklike dienste aan etlike honderde duisende mense in dié tyd lewer. Dit sluit tehuse vir bejaardes, kinderhuise, kinderbeskermingsdienste en voedingskemas in. Vanuit die 1 109 NG gemeentes regdeur die land vind daar op 'n geïntegreerde wyse diep menslike ondersteuning en noodverligting plaas. Dit ge-

skied op 'n tipies kerklike wyse, waar die regterhand nie weet wat die linkerhand doen nie en waar die aksies van individuele lidmate, gemeentes en kerklike organisasies nie aan die groot klok gehang word nie. Dit gaan oor mense en hulle nood alleen.

Met slegs 'n week in die grendelstaat van Covid-19 in, is daar alreeds 'n groot aantal verhale van liefde en deernis wat vertel word. In die Wes-Kaap het 'n anonieme skenker vandeeweek een miljoen rand geskenk wat deur Badisa en gemeentes van die NG Kerk en die VG Kerk na kinders in vroeëkindertontwikkelingsprogramme gekanaliseer word. Op 'n klein Vrystaatse dorpie het 'n restauranteier wie se besigheid weens die grendelstaat moes sluit,

sy kombuis en fasiliteite aangebied en word daar nou daaglik sop voorberei en versprei. In Khayelitsha

vat vyf NG gemeentes hande met vyf onafhanklike kerke om mense van kos te voorsien. Op Swellendam spring die VG

Kerk as deel van die Diensgroep Diaconia van die NG en VG Kerk in

om haweloses te help voed. Dieselfde gebeur op George. In die

middestad van Bellville voorsien 'n aantal gemeentes

daaglik saam met ander kerkgenootskappe MES-aksie van die nodige middele

om hawelose mense te versorg. Uit die Sinode van

Wes-Kaapland se rampfonds word R200 000 se

beskermende drag aangekoop en versprei vir gesond-

heidswerkers. In die Vrystaat skakel gemeentes met hulle

plaaslike rampondersteuning-spanne en vorm deel van die

menslike ketting van omgee en versorging.

Dit mag so wees dat die kerkgeboue gesluit is, maar die kerk is oop – so oop

soos wat dit nog altyd was vir mense in nood.

Na 'n toer deur Langa, reik 'n NG gemeente in Durbanville nou via die toerleier na gesinne in Langa

uit en voorsien hulle weekliks van kospakkies. Hierdie is nie 'n tipiese “fly by night” poging nie. Dit is hoopvolle, langdurige verbin-

tensisse wat volhoubaar gemeenskap bou en meeleving beliggaam.

Covid-19 is 'n tyd om te fokus op die waardes van geloof en menswees. Barmhartigheid was nog nooit vir die kerk 'n nuwe terrein of ad hoc aksie nie. Dit is in ons DNS. As beeldraers van die lewende God beliggaam ons sy liefde en sorg vir 'n noodlydende wêreld. Daarom is die werkswyse anders en lyk die hulp wat vanuit die kerk aangebied word anders as dié van ander humanitêre ondernemings. In die kerk bemark ons ook nie, maar getuig ons en die verhoë vanwaar dit gebeur vang nie noodwendig altyd die kollig nie. Dit is ook reg so. God kry die eer!

► *Ds Nioma Venter is assessor van die NG Sinode Wes-Kaapland asook van die Algemene Sinode en tans waarnemende moderator terwyl ds Nelis Janse van Rensburg met sabbatsverlof is.*

KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,
hou julle afstand en bly gesond – Red.



KONTAK ONS



Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252

Intekenare/gemeentenavrae:

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247

Assistent-redakteur: Conette le Roux
Tel 021 864 8236
E-pos: conette@kerkbode.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za
Proffeser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231



Groot Griep: Preke en sterftes

Hoe is die Groot Griep 'n eeu gelede in kerkgeledere verstaan? JAN LUBBE stel ondersoek in.

Op Donderdag 31 Oktober 1918 het *De Kerkbode* soos gebruiklik weer deur die pos gekom. Dit was nie vanselfsprekend nie, hier midde-in die Groot Griep. Twee dekades tevore het sy net-net die hitte van die oorlogstryd van 1899-1902 deurleef. Nou was dit haar Kaapse stalgenoot, die bloedjong *Burger*, wat dit kwalik kon volhou; redaksielede tot die dood toe siek. 'n Tyd van enorme beproewing regdeur die land.

Uit die vergeelde bladsye van daardie *Kerkbode* kom skrikwekkende berigte. In Kimberley is teen die einde van Oktober 1918 reeds 4 406 gestorwenes getel; in die pastorieë van Burgersdorp, Smithfield en Fauresmith is predikantskinders oorlede; in Bloemfontein het die saakgelastigde van die Vrystaatse Kerk siek geword; uit Kaapstad het ds AC Murray (seun van ds Charles Murray) na die armoedekolonie by Kakamas vertrek om daar as enigste geneeskundige te gaan help. Hy het na sy teologiese opleiding ook 'n kursus in geneeskunde in Edinburgh, Skotland gedoen. In die noorde van Natal is 'n kerkraadskonferensie afgelas en in Standerton is die bevestiging van prop Esterhuijzen "wegens de heersende influenza epidemie onbepaald uitgesteld". Ds JM Louw, skriba van die Transvaalse sinode, het namens die moderamen 'n dag van gebed vir Sondag 3 November uitgeroep. "De hand Gods rust zwaar op het land onzer inwoning," skryf hy. Met 'n teks daarby, Jesaja 26:20 (já, nét soos nou weer!): "Ga henen, mijn volk! Ga in uwe binne-kamers en sluit uwe deuren; verberg u als een klein oogeblik totdat de gramschap overga ..." Die Here trek uit om die ongeregtigheid te straf ...

Hoe is die Groot Griep in kerkgeledere verstaan?

Die *Kerkbode*-redakteur, ds PGJ Meiring, wy sy hoofartikel van 31 Oktober aan "Ons verlies": Oral, in baie huisgesinne is "pijnlike verdriet en dikke duisternis" beleef. Hy betreur die dood van vier jong predikante: die bekende dr Tobie Muller van Philippolis, en di CP van Niekerk van Worcester, J Röscher van Somerset en JZ Moolman van Wellington. Die Here het gegee, die Here het

geneem; "met betraande oogen zoeken wij dit den Godsman Job na te zeggen." In die volgende *Kerkbode* verskyn sterwensberigte van di SW Pienaar van Merweville en GJ Rosseau van Piet Retief. Só gaan die lys aan. Wat staan ons te doen? Die voorbeeld van die 34-jarige Tobie Muller het aangegryp: Onvermoeid gaan hy voort met siekebesoeke; sy laaste erediens uit 2 Samuel 24 – Dawid, lydend onder sy gewete vanweë die volkstelling en Gods oordeel, drie dae van pes en sewentigduisend sterfgevallen. 'n Biddag? Of moet die kerke sluit? vra die redakteur. Verskeie burgemeesters, ook in Kaapstad, het markte en teaters gesluit en ook gevra die kerke moet. Die Aartsbiskop van Kaapstad sê nee; gelowiges soek nou na troos en bemoediging; wél sal hy priesters vra om "de diensten kort te maken". Die Metodiste Kerk het saamgestem. Op die platteland het enkele NG Kerke hulle eredi-

enste opgeskort. Redakteur Meiring verskil: Daar is 'n liggaamlike kwaad wat deur die land trek maar ook 'n geestelike kwaad – perdewedrenne en danspartye gaan aan! – en dié is erger; "die geslotene kerken vullen ons met grooter vrees dan die *bacillus catarrhalis*". Die "Dag des Heeren" verloor sy heiligheid, en dit terwyl ons onder die "beproevende en kastijdende hand Gods verkeert"!

In die volgende uitgawe publiseer *Kerkbode* die preek van ds TC Dönges van Hoopstad oor Eksodus 8:19, die uitroep van die farao se towenaars tydens die muggieplaag oor Egipte: "Dit is die vinger van God!" Ons beleef ernstige tye, het ds Dönges gepreek. Tiperend. 'n Wêreldoorlog en die verlies en verhongering wat dit gebring het, en nou die griep-epidemie. Onsigbaar klein is die draer, "dwarrelen in de lucht en worden ongemerkt door mond en neus ingeademd", en derduisende sterf! Waarom? Dit is Gods strafgerig oor ons sondes: persoonlike, huislike en volksontes! Onbekeerlikheid en hoogmoed, selfsug

en geldsug, wêreldsgesindheid, Sondagonthelwing, onkerklikheid, bygeloof, dronkenskap, onsedelikheid en nou ook nog 'n skreiende onverskilligheid oor wat God tot ons toeroep! Sal ons tot stilstand kom en luister?

Daar was wél ook ander sieninge in die NG Kerk oor die epidemie; hierdie is maar 'n dwarssnit, gedateer Hervormingsdag 1918. Terloops, die redakteur het óók opgemerk dat vanjaar – gegewe die epidemie – die gebruiklike "Hervormingspreek" tersyde geskuif word ten gunste van 'n aktuele preek, soos bogenoemde. Sou Luther met sy spiritualiteit van 'n warm hart en nugter denke dalk juis kon help, wil 'n mens 'n eeu later jouself afvra. Nietemin, in dieselfde *Kerkbode* verskyn 'n eerste "In Memoriam" vir wyle Tobie Muller, geskryf deur sy eertydse leermeester op Stellenbosch, die gryse prof JI Marais. Die dood van so 'n jongman is 'n misterie en hoewel dit ons diep smart besorg, troos ons ons aan dit wat in Christus volbring is. Hy is deur die skaduwee van die doodsvallei die lig anderkant in. 'n Maand later, steeds verbyster deur die lewensverlies en lyding, plaas *De Kerkbode* nóg vier van talle huldeblyke aan die nagedagtenis van Tobie Muller. Onder andere een van Bennie Keet, toe leraar te Graaff-Reinet, pas gepromoveer aan die Vrije Universiteit in Amsterdam en later bedaarde teoloog op Stellenbosch. Hy onthou sy boesemvriend se natuurlike egtheid, sy wonderlike geesdrif en sy "levende gereformeerdeheid". En dan eindig Keet: Wie sal die werk van die Here verstaan? "God leere ons om niet te willen verstaan, maar te gelooven."

Daar was wél ook ander sieninge in die NG Kerk oor die epidemie; hierdie is maar 'n dwarssnit, gedateer Hervormingsdag 1918.



Die foto is van die Muller-gesin van Stellenbosch. Op die voorgrond, die ouers; prof CFJ Muller, 'n dosent aan die Kweekskool. Tobie, hulle jongste seun (1882-1918) staan links agter.

Slaan die hand van God of troos die hand van God? Is dit die verkeerde vraag?

'n Eeu later – sovele oorloë en sterftes later – doem die vraag weer in ons gemoed op, in preke en in WhatsApps wat sirkuleer. Roep "townaars van farao" weer uit: Kyk, die vinger van God! Miskien moet ons raaksien dat papier, sóos van die *Kerkbode* en ons preekmanuskripte, geduldig is. Só ook die geskiedenis. En dat ons daarom ons woorde moet weeg. Selfs minder maak, voorlopig. Ons klarighede heroerweeg. Veral, wanneer ons soos nou, voor die groot misterie te staan kom.

► Ds Jan Lubbe is leraar is van die NG Kerk Berg-en-Dal in Bloemfontein en kerkhistorikus.

Leierskap in 'n tyd van krisis – verleentheid of geleentheid?

In krisistye is dit 'n kwesie van aanpas en innoveer, of uitsterf, skryf JURIE VERMEULEN.

Mense word tans wêreldwyd gyselaar gehou deur 'n kwaadwillige vyand wat so mikroskopies klein is, dat dit onsigbaar is met die blote oog. Daar word beraam dat 30% van die wêreld se bevolking tans een of ander vorm van kwarantyn of staat van inperking verduur. Skielik duik die woord “lockdown” (inperking) oral op waar jy ook al in die wêreld kyk. Ek sien deesdae artikels oor *lockdown cooking*, *lockdown exercise*, *lockdown working*, *lockdown living*, *lockdown entertainment* en selfs, *lockdown traveling*.

Buitengewone tye verg buitengewone leierskap

Omdat ek self in uitvoerende leierskap funksioneer en internasionaal by leierskapsontwikkeling en -opleiding betrokke is, het dit my natuurlik laat dink aan *lockdown leadership* – leierskap tydens die staat van inperking! Die mensdom bevind hom tans in uiters buitengewone omstandighede; 'n uitdaging waarmee ons nie sedert die vorige wêreldoorlog te kampe gehad het nie. Dit is 'n feit dat buitengewone tye buitengewone leierskap verg. Dit lei tot die vraag: Hoe kan ons buitengewone leiers wees in 'n krisistyd soos hierdie?

Onvoorbereid en ontugter

As 'n Christen en 'n leier wend ek my tot die Bybel. Die psige van die twee Emmaus-dissipels wat in Lukas 24 beskryf word, fassineer my, want hulle skilder die tipiese prentjie van mense wat totaal onkant gevang is deur 'n skielike ramp en heeltemal oorweldig is deur die ontwrigting van hulle lewe. Ondanks die feit dat hulle deel was van die dissipels in Jerusalem se binnekring, tref ons hulle koersloos, sonder insig en sonder enige hoop aan. En dit op die aand van die Opstandingsondag – waarskynlik dié belangrikste dag in die geskiedenis van die wêreld! Dit is ook nie asof Jesus nie probeer het om sy dissipels op hierdie ingrypende veranderinge voor te berei nie. Hulle aandag was egter so in beslag geneem deur irrelevante sake, soos die gekibbel oor wie die vernaamste onder hulle is, en, wanneer breek die tyd nou aan dat hulle Jerusalem triomfantelik, in gelid met Jesus, sou binneval en van die gehate Romeine bevry! Dus, wanneer die stof op Golgota gaan lê, tref ons die ontugterde dissipels aan waar hulle ontredder, teleurgesteld en verleë op pad terug is huis toe – om weer hulle ou lewe te hervat.

Hoe behoort leiers te reageer in krisistye?

Die vraag waarmee ons gekonfronteer word, is: Hoe moet ons as leiers op Covid-19, of enige ander ernstige toekomstige krisis reageer? Is daar leierskaps-

beginsels wat ons moet volg, wat ons kan help om nie ook dalk ons eie Emmaus-scenario te skep in hierdie krisistyd nie?

Omdat dit onmoontlik is om 'n volledige lys van beginsels in hierdie ruimte te bespreek, sal ek slegs die belangrikste hier noem.

1. Hou in gedagte dat een van leiers se hooftake behels dat hulle insig en betekenis verskaf.

Leiers se unieke gawe om insig te gee en om ander te help sin maak van 'n komplekse situasie, is krities belangrik ten tyde van 'n krisis soos Covid-19. Om insig of begrip te kan gee, behels dat ek self as leier 'n helder begrip moet hê van die aard van hierdie uitdaging, asook die moontlike nagevolge daarvan. As ons, as leiers, in die duister is, sal ons organisasies ook in verwarring wees. Dit kan tot groot verliese en pyn lei – soos ons in Lukas 24 sien.

Die kring van insig, helderheid en wysheid

Doeltreffende leiers kan sin maak van omstandighede omdat hulle daaglik leef in, wat ek noem, die “kring van helderheid”. As gevolg van hierdie vermoë kan leiers ander inspireer wat ook na insig en betekenis op soek is. Christen-leiers het die verdere voordeel dat hulle God se stem kan hoor en deel in sy wysheid, omdat die Gees van God in hulle woon. Omdat wysheid ál die verskil maak in 'n krisis, moedig die Bybel ons deurgaans aan om wysheid bo alles te soek – dit is selfs meer kosbaar as goud en silwer (Spr 2:1-7).

Skeppers en bestuurders van betekenis

In dieselfde trant beskryf Bernard Bass leiers as “bestuurders van betekenis”. Anders gestel, omdat leiers oor 'n innerlike helderheid en insig beskik, skep en bestuur hulle betekenis vir ander. Leiers definieer die werklikheid vir hulle personeel en organisasies en help hulle om te verstaan wie hulle is, waarmee hulle besig is en wat hulle in die toekoms moet wees. Leiers verduidelik aan hulle organisasies hulle plek in hierdie wêreld. Hierdie leierskapvermoë was nog nooit van meer kritieke belang as juis nou nie – in hierdie huidige toestand van wêreldwye krisis. Kenners van pandemies waarsku dat ons as leiers, ons personeel en ons organisasies gereed moet wees vir 'n maandelange ingeperkte manier van lewe en werk. Daarom behoort alle leiers nou daarop te fokus om in daardie kring van helder insig te kom.

2. Die tweede leierskapsbeginsel vereis dat ons 'n duidelike operasionele strategie sal ontwikkel en handhaaf, veral in krisistye.


Hoewel wêreldwye uitdagings soos Covid-19 ons in skuimende stroomversnellings laat beland wat dreig om ons te laat verdrink, moet leiers steeds daarop fokus om duidelike prioriteite te skep en te kommunikeer rakende hulle organisasies se daaglikse bedrywighede. Dit sluit duidelike doelwitte in, kompleet met die toekenning van hulpbronne soos geld, tegnologie, personeel en tyd. Ons moenie hier laat slap lê nie, want in krisistye is die gevaar dat ons só gefokus raak op daaglikse oorlewing dat ons suiver reaktief begin lei, in plaas van proaktief. Doeltreffende leiers is grotendeels proaktief. Ons moet dus nie nou ons fokus verslap nie, maar voortgaan om ons organisasies deurgaans op 'n bewame en akkurate wyse te bestuur. Hierdie krisis verminder nie die behoefte daaraan nie. In die toekoms sal daar 'n nuwe “normaal” wees en dit bring ons by die derde beginsel.

3. Die derde beginsel stel ons voor aan die leier se beste vriend – die Toekoms.

Omdat doeltreffende leiers visioenêr is, is hulle “mense van môre”. Hulle leun vorentoe, in die toekoms in. Met een voet reeds in die toekoms, is dit vir hulle natuurlik om die ware strategiese, finansiële en operasionele gevolge van krisisse en uitdagings te bereken. Moet dit leiers noodwendig ontstel en selfs beangs maak? Hopelik nie! Vrees is nie die beste langtermyn-leierskapstrategie of -motivering nie – veral nie as jy 'n Christen-leier is nie. As Christen-leiers glo ons juis dat God ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing (2 Tim 1:7). Verder ken ons Paulus se aanmaning om oor niks besorg te wees nie, maar in alles ons begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend te maak, sodat die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor ons harte en gedagtes die wag kan hou in Christus Jesus (Fil 4:6-7).

Ek stel voor dat ons eerder:

- (1) ons vertrouwe in God bly handhaaf – ongeag wat Hy ook al op ons pad toelaat,
- (2) die onsigbare Vyand in gebed en aksie sal weerstaan omdat hy hierdie krisis sal uitbuit as 'n geleentheid om verder te roof, te steel en te vernietig,
- (3) elke dag van nou af so hard as moontlik werk om die nagevolge van hierdie krisis, wat basies onafwendbaar is, te verminder.



(4) terwyl ons daaglik fokus op die in-voering en herontwerp van ons dienings en besighede soos nog nooit tevore nie.

Buiten die feit dat ons op God moet vertrou, vereis die toekoms ook dat ons baie meer innoverend, kreatief en aanpasbaar in ons denke en metodes sal wees. Dit is waarskynlik 'n feit dat ons werksomgewing, wanneer hierdie spesifieke uitdaging verby is, nooit weer dieselfde sal wees as vantevore nie. In die organisasie waaraan ek behoort, is daar reeds 'n groot uitwerking op ons operasionele praktyke, soos fondsinsameling, bemarking, begroting en tyd- en personeelbestuur. As 'n mediabediening het dinge soos personeelskifte, oorslaap in kantore, werk van die huis af, vloeibaarheid ten opsigte van radio inhoud en uitsaai-ure, asook drastiese finansiële inkrimping, alles skielik 'n werklikheid

geword. Leiers wat skop teen verandering en hardnekkig volhard om dinge op die ou manier te doen, sal doodgewoon misluk. In krisistye is dit 'n kwesie van aanpas en innoveer, of uitsterf!

4. Die laaste beginsel wat ek hier wil noem, is die noodsaaklikheid van 'n duidelike, akkurate, empatiese en liefdevolle kommunikasie-strategie.

Aangesien ons as leiers insig bring en betekenis skep namens ons personeel en organisasies, is duidelike, eerlike, relevante en liefdevolle kommunikasie van kritiese belang in krisistye. Swak kommunikasie is een van die hoofoorsake, indien nie dié grootste oorsaak nie, van wantroue, verwarring, vrees en mislukking. Jy kan verseker weet dat ons ou Vyand daardie mislukking soos blits en met groot vernuf sal uitbuit! As leiers skep ons die werklikheid vir ons personeel en organisasies deur middel van

ons kommunikasie. Daarom moet ons die werklike omvang van 'n krisis soos dié eerlik, dog liefdevol, empaties, en op 'n hoopvolle wyse aan ons personeel oordra. Ons moet dit duidelik maak dat ons almal in dieselfde bootjie is. Natuurlik sal ons personeel 'n mate van angs ervaar, maar voorkennis maak voorsorg – ons mense het verstommende deursettingsvermoë – veral wanneer ons ten minste weet wat ons in die gesig staar.

Om hierdie reus, Covid-19, of enige ander groot uitdaging wat nog in die toekoms lê en wag, te verslaan, sal vereis dat ons sterk, positiewe mense en organisasies propvol hoop skep, omdat die wanhopiges sekerlik sal vergaan.

Terug by die Emmaus-dissipels op daardie stil aand, 2 000 jaar gelede, sien ons hoe Jesus op kragtige wyse, heldere insig, betekenis, hoop en lewe voortbring uit die gryns, koue as van sy kruis. Danksy hierdie kragboodskap van

hoop; van opstanding uit die dood, het ons, as leiers, 2 000 jaar later dieselfde ewige hoop. En ons kan hierdie hoop laat groei, hierdie hoop wyd en syd versprei deur dit in ons personeel en organisasies in te bou. As ons as leiers wanhopig is, sal ons organisasies ons voorbeeld volg, maar as ons hoopvol bly, sterk in die geloof, oortuig daarvan dat God alle dinge ten goede sal laat meewerk – selfs hierdie krisis – sal ons dit met 'n vaste oortuiging en passie kommunikeer. Ons het almal die getrouheid van God ervaar; laat ons as leiers nie juis nou struikel in ons taak om ander te inspireer om ook by die skaar van hoopvolles aan te sluit nie.

► *Dr Jurie Vermeulen is nasionale direkteur: FEBA Radio SA.*

● Vir meer inligting, kontak gerus: www.febaradio.co.za jvermeulen@febaradio.co.za

Koronavirus: Nou is kerk ook digitale leergemeenskap

DANIE MOUTON

Hoe lyk “beste praktyk” vir digitale kommunikeerders in 'n tyd van abnormaliteit? Wat is die moets en moenies vir gemeentes wat – gebore uit die nood – via die web wil aanhou funksioneer?

Op Twitter deel iemand 'n keusevraag: “Who led the digital transformation of your company?” Jy moet kies tussen die besturende direkteur, die tegniese direkteur, of Covid-19. Hy omring “Covid-19”.

Net so.

Feitlik oornag het ons kerk 'n digitale leergemeenskap geword wat digitale vaardighede onder die knie moet kry. Vir sommige kom dit makliker, terwyl ander deur die drif moet beur.

Die einde is lank nie in sig nie. Aangesien erediens en infektering omtrent sinoniem is, sal kerklike byeenkomste waarskynlik nog lank ingeperk bly.

Digitalisering het ook verrassende voordele. Dit help gemeentes ook om grense en beperkinge oor te steek. Daarom het dit gekom om te bly. Bedank Covid-19.

Wat lyk na die beste praktyke vir gemeentes wat via die web wil aanhou funksioneer? Ons het baie te leer, maar 'n paar oorwegings verhelder reeds.

Draers van betekenis

Bly fokus op die wesenlike. Geloofsge-

meenskappe is draers van sin en betekenis. Ons bring God se werk, bedoe-linge en toekoms met die lewe in verband. So help ons mense om sin te maak en georiënteerd aan God te bly leef.

Die betekenis van ons digitale bediening het nie in die eerste plek met tegniese vaardighede te doen nie. Vraag is of ons die Covid-ramp só met die evangelie kan belig dat geloof, hoop en liefde volg.

Die vroeë kerk het tydens vernietigende plaes in die Romeinse ryk gegroei, omdat gelowiges in die Naam van Jesus sin en betekenis in die krisis kon vind.

Baie aanlyn-boodskappe illustreer dat ons dit inderdaad regkry.

Skeppers van koinonia

Digitale bediening moet die skep van gemeenskap tussen gelowiges bly dien. Video's, stroming, stembodskappe, oproepe, e-posse bind ons aan ons gemeente en aan mekaar. Die digitale werksvloei moet koinonia skep en dien.

Video's en stembodskappe is veel meer as uitsendings. Dit is konneksie tussen mense wat saam voor die Here leef en vier.

Daarom móét elke gemeente probeer. Ons kan nie ons digitale bediening aan ander uitkontraakteer nie. Verder moet gemeentes so bedien dat almal in die gemeente digitaal bereik kan word. Diegene wat nie genoeg data het nie, kan óf voorsien word, óf met meer ekonomiese digitale kanale bereik word.

Gemeentes e-pos ook boodskappe aan tuistes vir bejaardes wat dan daar gedupliseer en gebruik word.

Nagmaalviering steeds sentraal

Soveel as moontlik bediening moet tydens inperking gedigitaliseer word. Vir my sluit dit beslis die viering van die heilige nagmaal in. Gesinne of huisgenote is bymekaar met eie wyn en brood. Wanneer die liturg die tekens instel, gee ons dit aan mekaar en vier die Here se lewegewende dood. Selfs waar ons alleen is, is die instellingswoorde en die gemeenskap met die lewende Here die grond waarop ek deur geloof die teenwoordigheid van Christus beleef.

In ons uur van nood is nagmaalviering 'n sentrale moment in die kerk se bediening.

Erkenning van verlies

Ons digitale bediening moet ook verlies aan fisieke samesyn erken en dra. Digitalisering is nie 'n manier om voor te gee inperking en die gebrek aan fisieke samesyn is eintlik nie so erg nie. Ons is geskep met 'n liggaamlike passie vir samesyn. Ons digitale bediening moet bly hunker na die fees en viering wanneer ons weer onder een dak bymekaar kan kom. Veral wanneer inperking begin byt, is die erkenning van ons verlies baie belangrik.

Afwisseling en deelname

Gaan vir deelname. Ek het Sondag na 'n erediens gekyk waar die prediker 'n insetsel van 'n professor oor 'n Bybelboek ingespeel het. Ons het ook na 'n kort foto-aanbieding gekyk wat die boodskap ondersteun het, en die begeleiding is gedoen op 'n manier waar ons hartlik kon saamsing. Die variasie en afwisseling teen 'n gesonde tempo, met 'n kort preek, was pakkend.



In nog 'n erediens was daar popspesiel. 'n Ander prediker het weer bejaardes gelukkigens terwyl hulle foto's vertoon is. In nog 'n erediens het 'n persoon die kindermoment gedoen.

Om grense oor te steek

Bly missionaal. Dit beteken ons skep gemeenskap oor grense en ons bid vir die wêreld. Speel 'n inset van die polisiehoof wat oor uitdaging praat, en die maatskaplike werker wat ons leer wat ons vir gesinsgeweld moet bid.

Die rol van die gesin

Bevorder huisgeloof. Fokus op die gesin wat as 'n klein gemeenskap saam deelneem aan 'n byeenkoms wat sentraal, via die skerm, gefasiliteer word. Gesinslede gesels met mekaar, gebruik saam nagmaal, bid saam, en gee ook as gesin 'n dankoffer wat in 'n houer bewaar word tot ons weer in 'n erediens vergader.

Om outentiek te wees

Wees julleself. Dit is lekker om gemeentes en leraars te sien wat gemaklik in hulle eie vel is, en nie probeer om iemand anders te wees nie. Dit versterk die egtheid van die kommunikasie.

► *Danie Mouton is 'n predikant van Nelson Mandelabaai.*



Alhoewel boere in die Britstown-omgewing onlangs reën ontvang het, is dit steeds baie droog by Jasper Visser en Attie Blomerus se plase waar hulle 60 km buite Britstown met skape boer. Skermgreep: Robert Cable.

‘Ek kan nie meer nie, dis nou verby,’ sê boer voor reën val

Blydskap oor ’n reën bui, maar ook kommer oor die swarkry wat nog nie verby is nie, was op die modderpaaie te vind toe *Kerkbode* op Britstown in die Karoo gaan kuier het. JACOBIE M HELENA en die videograaf ROBERT CABLE doen verslag.

“**E**k het die afgelope paar jaar vir myself gesê dié droogte gaan my nie breek nie. Maar dit het baie moeilik geword. Ek het vir die eiendomsagente gesê: ‘Dis my prys, ek kan nie meer nie. Ek gaan my plaas verkoop. Dis nou verby,’” het Gerhard Strauss by hulle padstal buite die Karoedorp Britstown, wat sowat 700 km van groot stede soos Johannesburg en Kaapstad geleë is, vroeg in Maart vanjaar aan *Kerkbode* vertel. Hulle het ’n plaas buite Britstown en hulle plaas by Kenhardt, Vyfbeker, lê sowat 300 km verder.

Onwerklik

En toe reën dit 38 mm op Kenhardt en 58 mm op Britstown oor die einste paar dae van Bybel-Media se besoek aan hierdie dorre dele om ’n storie oor die

droogte en swarkry te doen. “Dit voel onwerklik. Dit voel soms ek moet myself knyp,” het Strauss vertel van die oomblik toe sy vrou Wilma na hom in die veld aangestap kom en die foto’s kom wys wat ’n werker op hulle plaas by Kenhardt geneem het. “Wilma wys vir my die boodskap van die plaaswerker wat sê dat dit 38 mm gereën het. Ons het daar en dan mekaar omhels. Dit is die meeste reën wat die afgelope twee jaar op die plaas geval het. Ek was so emosioneel. Jy vra so lank vir reën en dis moeilik om hoop en geloof te behou alhoewel die Here ons verseker dat Hy sal voorsien. En wanneer ek dit die minste verwag – daar reën dit!” vertel Strauss. En in ’n ommesientjie verander ook die Bybel-Mediaspan se storie van een oor min hoop na een van ’n bietjie verligting.

“Jy bid, pleit en smek vir jare vir reën en die reën kom nie. En dán wonder jy of die Here nie maar tog van jou vergeet het nie.”

So het Strauss al vele kere gevoel in die omgewing wat soos vele plaasgemeenskappe in die Noord-Kaap en Oos-Kaap die afgelope vyf jaar deur die aanhoudende droogte op hulle knieë gedwing is.

Verliese

Attie Blomerus, voorsitter van die Britstown-landbouvereniging, verduidelik die ramp op sy manier. “Die getalle wys dat die drakrag van die grond in die omgewing van 16 108 na 11 285 skaap verminder het. Altesaam het die boere in die Britstown-omgewing 28 900 skape tot op hede verloor. Dit beteken ’n totale verlies van R34 miljoen in die 2020-2021 seisoen,” verduidelik Blomerus.

Ds Estian Mentz, wat in Augustus 2019 as leraar by die NG en VGK gemeentes in Britstown bevestig is, sê hy het in die gemeente begin toe die droogte op sy ergste was. “Dit was ’n

krisispunt in die gemeenskap. ’n Mens het agtergekom dat die gemoed van die gemeenskap baie laag is. Ek het baie met die boere gesels en moeite met gesprekvoering gedoen, maar in baie gesprekke het die vrae herhaal: ‘Dominee, wanneer kom die reën? Dominee, het die Here ons vergeet? Dominee, is die Here kwaad vir ons?’ Maar dit is ongelooflik om die afgelope agt maande te beleef hoe ’n brose gemeenskap van gebrokenheid na ’n gemeenskap groei wat jubel en juig oor die reën. Tydens die droogtetydperk het die gemeenskap kenmerkend baie nader aanmekaar gegroei.

Strauss se buurman, Deon Oberholzer, vertel dat hulle nooit gedink het dat hulle ooit in rye vir kos of voer sal moet staan nie. “Maar ewe skielik het die droogte almal gelykgemaak, want die droogte het almal in die omgewing diep geraak.” Jasper Visser, wat op ’n plaas 60 km van Britstown af boer, beaam: “Mense het bydraes en pakkies van regoor die land vir ons gemeenskap gestuur. ’n Mens wil eintlik hartseer raak as jy besef mense wat jou nie eens

ken nie stuur vir jou iets in pakkies. Jy lees die briefies wat die vrou saamgestuur het en dan besef jy jy is nie alleen nie.”

Oberholzer vertel dat daar vanjaar alreeds 200 mm teenoor verlede jaar se 16 mm geval het. “Ons is baie dankbaar vir die reën, maar as jy dieper gaan kyk, worstel boere steeds met hulle finansies.” Hy vertel dat die grootste probleem is dat mense in die stede die persepsie het dat as dit gereën het alles skielik weer reg is. “Natuurlik is ons baie dankbaar vir die reën. Maar wanneer dit reën, reën dit verligting, maar dit reën nooit geld nie. Hierdie boere het alles verloor.” Hy vertel mismoedig verder dat die boere finansiële nie net van voor af moet begin nie, maar met ’n agterstand. Boere in die Noord-Kaap kan nie meer hulle kinders in skole hou nie. Waar boere op ’n plaas 1 200 oë gehad het, het hulle nou 300 oë. “Ek verduidelik die ramp wat ons getref het altyd so: “Neem jou salaris en deel dit met twee-derdes. Verdubbel jou uitgawes en kyk die verlies wat jy maak. Dit is hoekom ons dit ’n ramp noem,” sê Oberholzer.

Swaarkry nog nie verby

Vir die kleinboere Colette en Dawid Vaast het die droogte byna al hulle diere uitgeroei. Hulle het 25 jaar terug met twee oë begin. Die afgelope dekade het hulle kudde na 46 skape en 16 beeste gegroei. Ná die droogte het hulle géén skape nie en slegs nege beeste oor. “Ons probeer kop bo water hou met die oorblywende beeste wat ons het, maar die afgelope drie jaar se droogte was ’n baie groot verlies. My man tel in die week scraps op om te verkoop dat ons die diere die nodige medisyne kan gee om sterker te word.”

Is daar enigsins ’n liggpunt in ’n verpletterde gemeenskap? Oberholzer vertel dat die gemene faktor in Britstown beslis is dat die droogte die gemeenskap nader aan mekaar gebring het. “Daar is nie meer groot- en kleinboere nie. In die verlede het ons verby mekaar gelewe, maar nou sê ons vir mekaar hoe dit gaan. Die droogte het gemaak dat ons al hoe nader aan mekaar begin groei het en vir mekaar omgee het. Ons het mekaar gehelp waar ons kan. Ons was verenig in totale afhanklikheid. Maar die Here het deur alles vir ons gesorg. Hy het dalk nie elke dag reën gegee nie, maar het altyd gesorg dat ons beslis kos gehad het,” vertel Oberholzer.

Visser brei uit: “Wanneer mense moedeloos is en op die punt staan om hulle geloof te verloor oor die knellende droogte wat net nie wil ophou nie, is daar een ding wat ons laat aangaan – hoop. Soos daar in Romeine 5:5 staan: ‘Die hoop beskaam nie!’” getuig Visser. So 20 km buite Britstown is ’n dam met ’n volume van soveel as 38 000 Olimpiese swembaddens. Die dam is tans 1 persent vol. “Ek het al foto’s gesien van mense wat op hierdie dam ski. Dis my droom,” vertel Mentz hoopvol.



Die kerkgebou van die NG gemeente Britstown waar ds Estian Mentz sedert Augustus 2019 die leraar is.

Skermgreep: Robert Cable



Selfs die skape in die Britstown-omgewing ly daaronder.

Skermgreep: Robert Cable

Boeketroos: ’n Bietjie reën


Op 21 Februarie 2020 het Bybel-Media ongeveer 1 700 kopieë van die boek *’n Bietjie reën* aan 17 gemeentes, waaronder Britstown, in die droogtegeteisterde Noord-Kaap gestuur. Die projek het in Maart gegroei en ongeveer 2 800 boeke is na boere en plaaswerkers in droogtegeteisterde plaasgemeenskappe in Suid-Afrika en Namibië versprei, volgens ds Leon Venter, die voormalige uitvoerende hoof van BM. Die doel is om óók na die geestelike welstand van die boere en plaaswerkers om te sien te midde van die droogte wat soveel in ons land steeds raak.

’n Bietjie reën, wat deur dr Willem Pretorius saamgestel is, is geskryf deur predikante wat besorg is oor die geestelike impak wat die droogte op die boere en die hele landbougemeenskap het.

Die boeke het op die laaste dag van Bybel-Media se besoek aan Britstown by die NG gemeente se kerkkantoor aangekom. Mentz sê hulle is baie opgewonde om te sien watter impak die boek in die Britstown-gemeenskap

sal hê. “Ek is opgewonde oor só ’n boek wat geloofsgewoontes vir boere gaan leer en hoe om weer op te staan en ’n pad met God te stap,” sê Mentz.

Intussen het Oberholzer en Visser laat weet dat *’n Bietjie reën* vir hulle pitkos vir die siel is. Oberholzer en sy vrou Gerda lees elke aand tydens hulle stiltetyd saam uit die boek. “Die boek is ’n oomblik van ‘koffiedrink’ vir jou geestelike lewe. Die vraag: ‘Wat hoor jy?’ in die boek het my persoonlik baie uitgedaag. Ek is elke dag in die veld en het opnuut besef dat ek vir God se stem dáár moet luister.” Die boek het vir Oberholzer as ’n bevestiging van ’n plan gediens om ’n paar van die kampe op sy plaas vir boere wat nog nie reën soos Britstown gekry het nie oop te maak dat hulle vee op sy plaas kan kom wei. Visser vertel dat die boek hom konfronteer om sy persoonlike verhouding met Christus te ondersoek en dat die boek die moedlose boere en plaaswerkers bemoedig om op te staan en tot die einde te volhard terwyl hulle oë op hulle Skepper gerig is.



Jasper Visser lees uit die boek, *’n Bietjie reën*, wat Bybel-Media einde Februarie aan talle boere in droogtegeteisterde gebiede geskenk het. Visser, op wie se plaas nog nie baie reën geval het nie, is opgewonde oor die boek omdat daar verskeie temas in die boek is wat hoop gee. Foto verskaf.

Wenke vir virtuele pastoraat

ANANDIE GREYLING

Daar is 'n nuwe land wat ons almal betree. Ek hou daarvan om daaraan te dink as die land van die Korona-kuberruimte. En soos by enige land, kry ons 'n stempel vir elke grens waardeur ons beweeg. Die meeste van ons het al die Prediking-grenspos oorgesteek. Ons het geleer van Facebook live, Zoom-gesprekke en video-redigering. Maar nou moet ons deur die Pastoraat-grenspos beweeg.

Ek dink terug aan die eerste keer wat ek deur 'n grenspos gegaan het en die wenke wat ons vooraf ontvang het. Hierdie kort bydrae poog om 'n paar wenke te gee vir die oorstek van die Pastoraat-grenspos om uiteindelik die bediening in die land van die Korona-kuberruimte te betree.

1. Kies jou eie roete (virtuele platform)

As ek in 'n nuwe, onbekende land reis, dink ek mooi oor my roete. Waar ek nie 'n roete kan ry wat ek goed ken nie, kies ek een wat ek vooraf kon bestudeer of ek maak van 'n GPS gebruik. Net so wil ek jou aanmoedig om 'n virtuele platform te kies waarmee jy gemaklik is of wat jy maklik kan begin gebruik. Daar is verskeie padkaarte beskikbaar wat jou kan help om hierdie nuwe platforms te navigeer, byvoorbeeld YouTube-video's. Van die meer bekende roetes wat beraders kies, is Zoom, Skype, WhatsApp, telefoonoproep en e-posse.

Zoom word al hoe meer in gebruik geneem en bevat beide oudio- en video-formaat. Met 'n gratis rekening kan jy 'n "afspraak" skeduleer en die uitnodiging vooraf aan jou gespreksgenoot stuur, sonder dat hy of sy 'n rekening benodig. Dit is egter makliker as hulle reeds die toepassing op hulle selfoon/rekenaar afgelaai het. Let wel dat hierdie toepassing nie blyk om *end-to-end-encryption* te wees nie (met ander woorde die gesprek is nie so privaat nie), maar jy kan 'n wagwoord op die "afspraak" stel om sekuriteit te bevorder. Verder, laat 'n

gratis rekening jou slegs 40 minute per afspraak toe. **Skype** is 'n goeie alternatief om te gebruik.

Video-gesprekke via WhatsApp sou ook moontlik kon wees, maar afhange van die sein, kan dit meer konneksieprobleme as Skype of Zoom veroorsaak. Dr Elmo Pienaar stel voor dat jy seker maak dat jy en jou gespreksgenoot goeie konneksie en data beskikbaar het. Dr Pieter Visser is nie ten gunste van teksboodskappe as pastoraat nie. Dit sluit SMS en WhatsApp-teksboodskappe in. Hy verduidelik dat dit moeilik is om nuanses in teksboodskappe raak te lees en sê: "... there's a lot that gets lost in translation." **Telefoonoproep** is 'n goeie alternatief in hierdie geval.

Dr Lieze Meiring gebruik tans **e-posse** om lidmate pastoraal by te staan en verwys hierna as "'n nuuskierige brief". Dit is nie net nog 'n geleentheid om 'n preek te skryf nie. Om briewe te skryf kan uiters sinvol wees vanuit 'n narratiewe benadering, verduidelik sy. Beide Meiring en haar gespreksgenote kry die geleentheid om saam te wonder en goeie bydraes vir mekaar terug te skryf. Sy maak egter 'n telefoonoproep indien nodig.

2. Grensposure (afsprake)

Wanneer ek deur 'n grenspos moet gaan, maak ek altyd seker hoe laat dit oop- en toemaak. Dit laat my veilig en in beheer voel. Dieselfde kan waar wees vir virtuele pastorale gesprekke en daarom is dit nodig om definitiewe begin- en eindtye te beplan. Visser is ook 'n voorstander van dié afspraak-benadering. As 'n mens via e-posse kommunikeer is dit tog anders, maar sit eerder vir jou tye in jou dag om die pastorale e-posse te antwoord, opsy.

Pienaar stel voor dat jy en jou gespreksgenoot 'n paar minute voordat die "afspraak" begin, aanlyn gaan. Dit is om seker te maak dat julle al twee gemaklik is met die nuwe platform. Stuur gerus vooraf vir jou gespreksgenoot 'n

foto van hoe die virtuele ruimte lyk, asook maklike instruksies vir 'n nuwe platform.

3. Taal (waarom en hoe praat ons?)

Ander lande se tale kan beide fassinerend en moeilik wees om aan te leer. Ons moet egter baie vinnig aanleer hoe om die Koronataal te praat. Dit sluit in: vrees, isolasie, trauma, werksverlies, onsekerheid en 'n gebrek aan antwoorde.

Ons samelewing beleef tans 'n ramp en dit is traumaties! Ons weet nie hoe die toekoms gaan lyk nie en lidmate besef dalk nie eens dat hulle hieroor wil gesels nie. Ons kan lidmate egter help deur die "virtuele kussings van ons pastorale bank" reg te skud, verwoord Visser. Hy verduidelik verder: "Kom ons dek die tafel" en nooi hulle uit om te gesels hieroor.

Hoe moet ons taal klink? Meiring beklemtoon dat pastorale gesprekke "respekvolle en nuuskierige vrae behels". Hierdie taal is dus anders as prediking of probleemoplossing en klink dalk eerder soos volg: "Ek wonder, hoekom sê jy dit?" of "Wil jy dalk meer vertel?"

4. Die ambassadeurs (professionele mense om na te verwys)

As ek in groot moeilikheid beland terwyl ek in 'n ander land op reis is, gaan ek waarskynlik by ons land se ambassadeur moet aanklop. Wanneer dit by pastorale gesprekke kom, is ons beste ambassadeurs sielkundiges of maatskaplike werkers. Tydens hierdie grendeltyd is daar steeds sielkundiges wat praktiseer en CMR-kantore is steeds beskikbaar via telefoon, verduidelik Meiring. Jy is nie alleen by die Pastoraat-grenspos nie – vind solank uit wie in jou dorp/stad/netwerk beskikbaar is vir virtuele of ander verwysings.

5. Spoedgrens (persoonlike grense)

Die langpad vra dat ons soms langs die pad stop en dat ons soms stadiger ry sodat ons veilig by ons eindbestemming kan uitkom. Ons moet vir onself grense en spoedbeperkings stel, veral tydens

hierdie grendeltyd. As predikante het ons verskeie nuwe uitdagings en vaardighede wat ons moet aanleer. Ons skep meer materiaal en ervaar self ook verlies en spanning wat ons moet deurwerk, meen Visser. Dit is nie negatief om grense te stel vir die hoeveelheid pastorale gesprekke of virtuele huisbesoeke wat jy per dag kan doen nie.

Dr Brené Brown, 'n kenner in maatskaplike werk, asook skrywer oor weerloosheid en persoonlike grense, verduidelik in een van haar onderhoude dat ons nie gemaklik is om grense te stel nie. Sy skryf dit daaraan toe dat ons niemand wil teleurstel nie en dat ons ook te veel omgee wat ander mense dink. Sy is egter daarvan oortuig dat grense juis die sleutel is om onself lief te hê en om in liefde met ander mense om te gaan. Stel in liefde jou eie spoedbeperking.

Die reis na die Korona-kuberruimte is nie 'n resies of kompetisie nie. Stop en herlaai op pad deur enige van die grensposse. En onthou, jy reis nie alleen nie. Die gemeente, kollegas en die kerk is saam met jou by 'n nuwe grens. Miskien kan meer ringe hierdie virtuele pastorale gesprekke (en ander grense) saam aanpak soos byvoorbeeld die ringe van Sesmylspruit en Valhalla, het die *Rekord*, Centurion se plaaslike koerant, onlangs berig.

In hierdie tye word ons ook opnuut bewus dat ons nie die reis alleen meemaak nie, maar dat God, Immanuel, as ons Reisgenoot saam met ons die pad stap.

Mag jy 'n nuwe belewenis hê op jou reis deur die Pastoraat-grenspos en dan sien ons mekaar in die land van die Korona-kuberruimte!

► *Hierdie wenke is saamgestel na aanleiding van gesprekke met dr Elmo Pienaar (Coram Deo), dr Pieter Visser (NG Wierdapark) en dr Lieze Meiring (NG Elarduspark). Hulle is kenners op die gebied van pastoraat en is reeds deur dié grenspos. Ds Anandie Greyling is leraar by die NG gemeente Doornkloof.*

Leon Venter en Bybel-Media se paaie

Bybel-Media (BM) het 'n waarnemende hoof-uitvoerende beambte aangestel om by ds Leon Venter (foto regs bo) oor te neem.

Hannelie Matthee (foto regs onder) sal onmiddellik die leisels oorneem en "ds Venter is meer as bereid om onder haar leiding saam te werk om 'n gladde oorgang te verseker," het ds Danie Mouton, voorsitter van die direksie op 6 April in 'n e-pos aan BM-personeel geskryf. Matthee werk al byna 18 jaar by BM op Wellington en is tans die fi-

nansiële bestuurder.

Die wiele rol reeds om 'n nuwe hoof-uitvoerende beambte aan te stel, volgens Mouton se skrywe, wat hy afrond met die sin: "Die maatskappy beskik oor voldoende bronne en talent om 'n wonderlike toekoms te bou. Ons bly die media-behoeftes van Christene in God se wêreld dien."

BM is sedert verlede jaar met 'n omvattende digitale transformasieproses besig om volhoubaarheid in 'n toenemend digitale mediamark te

verseker. Die digitale projekspan, onder leiding van dr Nico Simpson en in samewerking met konsultante, se werk gaan "onverpoosd" voort, volgens Mouton.

Venter het verlede maand bedank. "Dit was 'n uitsonderlike voorreg om as hoof-uitvoerende beambte van Bybel-Media te dien," het Venter aan *Kerkbode* gesê. "My visie vir die maatskappy was om nader aan gemeentes en leraars te kom en hulle beter te ondersteun in hulle bediening. Die

digitale transformasie van Bybel-Media was 'n integrale deel van die visie. Ek kon dit egter nie regkry in die drie jaar nie. Ons leraars en gemeentes ervaar ongelooflike veranderinge en die impak van hierdie veranderinge op ons geestelike leiers en samelewing is groot."

Mouton het Matthee by voorbaat bedank en Venter sterkte toegewens: "Ons is baie dank aan Hannelie verskuldig omdat sy bereid is om ons maatskappy op hierdie manier te dien."



'Kom ons werk met sekerhede'

PIETER DOREY

Hoewel die kerk soms sukkel om tussen randsake en fundamentele sake te onderskei, word sy nou gedwing om tussen heilsnoodsaaklike en minder belangrike sake te onderskei.

Alles is onseker. Niemand weet wat gaan gebeur en hoe 2020 verder gaan verloop en 2021 gaan lyk nie, maar niks en niemand gaan onaangeraak hierdeur kom nie.

Daar gaan veranderings wees en kom. Dalk baie veranderings, dalk min. Dalk radikale en ingrypende veranderings of dalk nie so radikaal nie.

Nou is daar mos die optimiste wat altyd kies om radikaal optimisties te wees en meen dat alles na normaal gaan terugkeer. Ongelukkig is optimisme soms 'n realistiese denkfout.

Dan is daar die mense wat vir pessimisme kies en wat meen dat alles nou net sleg gaan wees.

Logiese en realistiese evaluering en besinning is wel moontlik. Maar selfs logiese en rasionele besinning is voorlopig en op aannames gebaseer.

Ek skaar my nog altyd eerder by die realiste, maar die realiste wat met hoop lewe. Hoop is die sekerheid wat weet daar gaan weer iets beters wees, 'n beter toekoms. My hoop is 'n Christelike hoop wat vanuit 'n eskatologiese ewigheidsperspektief gemotiveer word.

Dit is egter nie al nie. Ek lewe ook met die wete dat daar in hierdie teenwoordige wêreldgeskiedenis ook beter tye voorlê, 'n beter "hiernoumaals". Ek beywer my vir 'n beter môre en vandag. Daarom moet ons ons gereedmaak vir 'n onbekende toekoms. Dit kan baie dieselfde wees, maar ek sal verbaas wees as dit dieselfde gaan wees. Dit gaan ten minste anders wees, dalk selfs baie anders.

Ons kan net met dit wat ons tans weet rasioneel en realisties omgaan en ons toekoms na Covid-19 antisipeer, bedink en beplan. Ons moet hoopvol gereedmaak vir iets.

Of dit 'n oorreaksie was om af te sonder of nie, Covid-19 het die wêreld tot stilstand gebring. Dit het geweldige psigies-emosionele, sosiaal-maatskaplike, ekonomiese, politieke, tegnologiese, teologiese en ander gevolge. Verskillende kenners huldig menings oor die nuwe orde wat na Covid-19 gaan heers. Lees gerus die artikels "How the world will look after the Coronavirus" deur verskeie denkers soos John Allen, Nicholas Burns, Laurie Garret en nog ander wat op 20 Maart vanjaar by foreignpolicy.com gepubliseer is.

Asook die artikel deur Andy Crouch, Kurt Keilhacker en Dave Blanchard getiteld "Leading beyond the blizzard".

Ja, ons politiek en ekonomie kan totaal anders lyk in die toekoms.

Kom ons werk met wat nie gaan verander nie. Kom ons werk met sekerhede. Daar is onveranderlikes en daar is dinge wat kan en dalk gaan verander. Selfs die kerk se strukture, kerkordes, funksionering, nagmaalviering, dope en besluitnemingsprosesse, opsig en tug, leraarspakette ensovoorts kan verander. Al gaan dit dalk ingrypende praktiese veranderings in die kerk en my bediening meebring wat moeilike eise stel, vrees ek nie, want daar is nog steeds sekerhede.

Vir die Christelike kerk is Christus ononderhandelbaar. Sonder Christus is die kerk nie meer 'n Christelike kerk nie. Wat ek weet is dat die evangelieboodskap vir my persoonlik nie gaan verander nie. Jesus Christus is die Here en Verlosser. Johannes 3:16 staan vas. Dié wat met die waarheid verskil

begeef homself/haarself vanself buite die Christelike kerk.

Die waardes wat Jesus verkondig het, is nog dieselfde. Afhanklikheid, barmhartigheid, liefde, genade, vergifnis, ensovoorts staan vas. Die waardes verander nie en geld steeds. Dit moet deur die kerk geleer, verkondig en gelewe word.

Die Bybel gaan nog as openbaringsbron vir die Christelike kerk dien. Hoewel die Bybel 'n ou boek is, bly die boodskap nuut en relevant. Die Bybel getuig oor Jesus Christus en daarom sal dit bly. Wat nou ironies genoeg deur 'n onsigbare breinlose virus gedwing word, is ernstige besinning oor hermeneutiek. Hoe lees en interpreteer die Christelike kerk die Bybel as Woord van God? Soos wat die Kopernikaanse omwenteling en Galileo se wetenskaplike waarnemings die kerk se Skrifbeskouing beïnvloed het, sal die Covid-19 dit ook doen. Covid-19 bring nuwe vrae aan die kerk wat nuwe antwoorde vereis.

Mense het nog presies dieselfde behoeftes. Van hierdie behoeftes is lewensnoodsaaklik en ander is 'n voorreg en lekker om te hê. Kos en klere en goed is lewensnoodsaaklike behoeftes. Veiligheid is lewensnoodsaaklik. Sosiale behoeftes gaan steeds bestaan en is belangrik, hoewel nie lewensnoodsaaklik nie. Vir lewenskwaliteit is dit egter baie belangrik. Mense sal steeds wil identifiseer en deel wees van groepe. Mense wil steeds aanvaar word en erkenning kry en behoort. Mense het steeds die behoefte om hulle te onderskei, te presteer en te bemagtig. Die mensdom gaan weer rondom hulle menslike behoeftes wat nog altyd deur alle tye van die menslike bestaan dieselfde gebly het, funksioneer.

Dit is die sekerhede waarmee ons die toekoms ná Covid-19 tegemoet gaan.

Eintlik behoort elkeen vir hulleself te kan uitwerk waarop die kerk moet fokus. Verhoudings, verhoudings en nogmaals verhoudings met God en medemens en die natuur het nie verander nie.

Die kerk moet met moed ruimte maak vir baie groter verskeidenheid en verskille in bedienings. Hoewel die kerk gesukkel het om werklik te onderskei tussen randsake en fundamentele sake, word ook die kerk gedwing om nou tussen heilsnoodsaaklike en minder belangrike sake te onderskei. Die kerk word nou ook deur die situasie, deur 'n nuwe konteks, deur praktiese omstandighede gedwing om aanpassings te maak wat ons dalk nooit by 'n Sinode of Algemene Sinode goedgekeur sou kry nie. Dit is na my mening juis een van die kerk se swakhede wat die kerk geloofwaardigheid laat inboet het om randsake tot heilsnoodsaaklike sake te verhef. Meningsverskil en skeurings het meestal vanweë sake gebeur wat nie heilnoodsaaklik is nie. Nou word die kerk gedwing om te onderskei waaroor dit regtig gaan. Wat is fundamenteel en wat nie? Wat is onveranderlik en wat is onderhandelbaar? Die kerk wat verdeeld gaan voortveg oor sake wat op die periferie hoort, gaan eenvoudig verlam raak en sterf. Dit het eintlik reeds pre-Covid-19 begin gebeur. Dalk is die mens tog self die probleem in die kerk en die virus 'n "vaksine" wat ons op koers kan kry.

Alles gaan waarskynlik aanpas en verander en tog gaan dit wat regtig saakmaak dieselfde bly. Die kerk het post-Covid-19 dieselfde roeping met moontlik ander strukture, prosesse en bedieningstyle.

► Dr Pieter Dorey is 'n leraar by Kruisgemeente NG Kerk Hoedspruit.

skei na drie jaar

Sy is 'n bekwame persoon en sal seker maak alles verloop glad," lui die e-pos wat aan BM-personeel gerig is, wat weens die riglyne teen die verspreiding van die Koronavirus min of meer deur die bank van hulle huis af werk in hierdie tyd van afsondering. Matthee het by navraag oor haar eerste prioriteit gesê dis "om Jesus Christus te dien en sy koninkryk uit te brei deur die werksaamhede van Bybel-Media".

"Bybel-Media is reeds oor dekades 'n maatskappy wat 'n groot verskil in


mense se lewens maak deur Christelike inhoud vir geloofsvorming en bediening in 'n verskeidenheid mediaformate aan 'n breë Christen-gehoor beskikbaar te stel," sê Matthee. "In hierdie uitdagende tye kan Bybel-Media se personeel as span uitstekend saamwerk om 'n beter vennoot vir geloof en bediening in die NG Kerk, in ons land, op ons kontinent en selfs deur die wêreld te word."

Venter het oor sy toekomsplanne gesê: "Dit is 'n tyd van tot stilstand

kom, diep kyk na myself, wie ek is, en wie ek wil wees. Ons almal is daarmee besig, met sensemaking, om te reflekteer wie ons is, waarmee God besig is, en hoe ons lewe hierna gaan lyk. Ek is diep bewus van my bevoorregte lewe. Ek sal graag wil terugkeer na die gemeentebediening, om naby mense te leef en te leer hoe om mekaar lief te hê, mekaar te versorg en 'n verskil te maak, om stukkies koninkryk te laat opdaag in ons klein daaglikse lewe."

● *Kerkbode* is 'n BM-publikasie.





Boekprys: Korona kelder funksie, maar skrywers wen steeds groot

Hier volg die lys van wenners in vanjaar se Andrew Murray-prysfonds, soos op 1 April bekendgemaak deur dr Frits Gaum, die prysfondsvoorsitter.

Die oorhandigingsfunksie van die pryse en toekennings wat gewoonlik in Mei plaasvind – die geboortemaand van dr Andrew Murray – sal, vanweë die Korona-pandemie, nie vanjaar plaasvind nie. Die formele oorhandiging van die 2020-pryse en -toekennings sal aanstaande jaar in Mei saamval met daardie jaar se oorhandigings. Die geldpryse sal reeds vanjaar aan die betrokkenes besorg word.

PRYSE

Andrew Murrayprys vir Christelike publikasies in Afrikaans

Wyle **Nico Smith** se boek, *In Mamelodi het ek my God gevind* (heruitgawe 2018 en uitgegee deur Lux Verbi) is die wenner van die Andrew Murrayprys 2020. Die beoordelaars skryf: “Smith se verhaal is uiters belangrik en relevant. Hierdie heruitgawe van sy boek het nodig geword omdat die kerk dalk nog nie voorheen gereed was om die verhaal te hoor nie. Smith se biografie is aangrypend eerlik en bedrieglik eenvoudig. Hy was professor in Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en het uit sy pos bedank om predikant van Mamelodi te word en het sodoende die daad by die woord gevoeg en gedoen wat hy gepreek het: om apartheid en die onreg wat dit meegebring het, op grondvlak te bestry. Smith skryf sy verhaal op ’n menslike manier waar niemand gedemoniseer word of ongeloofwaardig oorkom nie. Hy slaag daarin om sy verhaal te vertel sonder om dit te laat klink asof hy sy eie beuel blaas of homself bejammer. Uiteindelik is dit ’n verhaal van hoop.”

Die beoordelaars was ds Rethie van Niekerk, dr Andries Cilliers en dr Rudi Buys. Die Andrew Murrayprysgeld bedra R25 000.

Andrew Murray-Desmond Tutupryse vir teologiese publikasies in ’n amptelike taal van Suid-Afrika

Rachel Sophia Baard se boek, *Sexism and sin-talk: Feminist conversations on the human condition* (uitgegee deur

Westminster John Knox Press), is die wenner van die Andrew Murray-Desmond Tutupryse 2020. Die beoordelaars skryf: “Hierdie is ’n asemrowende boek om te lees. Die eenvoud van die strukturering van die boek verskuil die teologiese diepte van die werk, terwyl die toewyding en passie vir die tema helder en sterk onder die oppervlakte pols. Die herbesoek van die doktrine van sonde vanuit ’n feministiese perspektief (met spesiale verwysing na die werk en invloed van Rosemary Rudford Ruether) en om dan eerder daarna te verwys as “sin-talk”, is baie nodig en verfrissend. Oor die aktualiteit van die boek kan daar geen twyfel wees nie. Die groot-skaalse geweld teen vroue wat die hedendaagse samelewing kenmerk, kan nie betwis word nie. Dat ook die tradisionele Christelike sondebeskouing sterk gekleur is deur die patriargale kultuur, word oortuigend aangetoon. Baard oefen aan die een kant skerp en omvattende kritiek uit teen die tradisionele sondebeskouing, maar toon aan die ander kant op ’n nogal verrassende wyse die blywende relevansie van die Christelike sondebegrip vir ons tyd aan.”

Die beoordelaars was dr Jacob Meiring, prof Etienne de Villiers en ds Michelle Boonzaaier. Die Andrew Murray-Desmond Tutuprysgeld bedra R25 000. **Desmond Tutu-Gerrit Brandprys vir debuutwerk**

Cas Wepener en **Anandie Greyling** is die redakteurs van die wenboek van die Desmond Tutu-Gerrit Brandprys 2020: *Ongekaart – ’n Bronboek met roetemerkers vir oorgange* (uitgegee deur Bybelkor). Die boek het in aanmerking vir die debuutprys gekom omdat dit sommige van die medewerkers se eerste

publikasie is. Dit spreek ’n uiters aktuele leemte binne die godsdienstige wêreld aan: ’n wêreld op soek na merkers, rituele om betekenis aan die lewe te gee. Baie van die oorgange en betekenisvolle momente in die lewe van die moderne mens is “ongekaart” op die kerklike atlas. Hierdie boek help gelowiges, veral geestelike leiers, om na te dink oor die drempels, die nuwe beginne en die afsluitings in hulle lewe. Die kort en boeiende bydraes van die medewerkers help mense verstaan dat oorgange nie vreesaanjaend hoef te wees nie.

Die beoordelaars was dr Juanita Greyvenstein, ds Louis van der Riet en dr Carike Noeth. Die Desmond Tutu-Gerrit Brandprysgeld bedra R10 000.

TOEKENNINGS

Spesiale Andrew Murray-toekenning Prof Bernard Combrink (links onder) ontvang ’n spesiale Andrew Murray-toekenning. Hy is die voorsitter van die interkerklike taakspan wat verantwoordelik is vir die Direkte Vertaling van die Bybel in Afrikaans wat later vanjaar verskyn. 2020 is die “Jaar van die Bybel” en dit is dus baie gepas dat die nuwe vertaling hierdie jaar by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verskyn. Prof Combrink het ’n reuse-aandeel gehad in die jarelange hervertalingsproses en het in sy lang loopbaan ’n groot bydrae gelewer tot die Nuwe-Testamentiese wetenskap. Hierdie toekenning bedra R10 000.

Andrew Murray-FAK-toekenning vir Christelike musiek

Gideon van der Watt (2de links onder) en **Jacques Louw** (3de links onder) ontvang gesamentlik die Andrew Murray-FAK-toekenning vir Christelike mu-

siek. Van der Watt is projekbestuurder en Louw die himnologiese redakteur van “Sing praises all you people” – ’n unieke liedboek in etlike Suid-Afrikaanse tale vir saamsing deur gelowiges van die NG Kerkfamilie en wyer. Dit is gesamentlik uitgegee deur Christelike Lekturfonds en Bybel-Media. Die toekenning van R10 000 word deur Van der Watt en Louw gedeel.

Jaap Durand-Denise Ackermann-toekenning vir eenheid, versoening en geregtigheid

Hierdie toekenning word vanjaar die eerste keer gegee. Dit word toegeken aan **prof Piet Meiring** (2de regs onder), emeritus-professor in Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria, gewese lid van die Waarheids-en-Versoeningskommissie, voorheen moderator van die Oostelike Sinode en ekumeniese amptenaar van die Algemene Sinode van die NG Kerk, skrywer van etlike boeke wat eenheid, versoening en geregtigheid bevorder, en inisieerder van die destydse Jaar van Hoop van die NG Kerk. Die toekenning beloop R10 000.


Die CLF-Elise Templehoff-toekenning vir omgewingsbewing

Hierdie toekenning, geborg deur die Christelike Lekturfonds (CLF), word vanjaar die eerste keer gegee. Dit word toegeken aan **prof Ernst Conradie** (regs onder) wat met etlike gesaghebende publikasies die ekologiese krisis waarin ons verkeer vanuit Christelike-teologiese hoek onder die kerklike aandag gebring het. Conradie, verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het die Andrew Murrayprys vir teologiese publikasies in Afrikaans reeds twee keer gewen. Hierdie toekenning beloop R10 000.





Vyf boeke om nou (weer) te lees



Korona: Hoe lyk die kerk se profetiese taak?

Reality, grief, hope: Three urgent prophetic tasks
Walter Brueggemann

Die tweede Brueggemann op ons lys fokus op die profetiese taak van die kerk. Hierdie boek is geskryf kort na die 9/11-aanvalle in die VSA. Brueggemann argu-

menteer dat hierdie tipe krisis van profete (gelowiges of die kerk) 'n reaksie vra soortgelyk aan die profete se optrede ná die vernietiging van Jerusalem. Hierdie taak is eerstens om die waarheid te praat teenoor die ideologie van die dag. Tweedens is dit om smart te verwoord te midde van ontkenning. Laastens is die profetiese taak om hoop

te gee teenoor wanhoop.

Die Koronavirus bring weer so 'n groot skuif in ons globale wêreld. Hierdie boek herinner ons aan ons belangrike taak te midde van die seismiese skuiwe wat die wêreld tans maak.

● *Beskikbaar op Kindle. Brueggemann se Gospel of hope kan gerus ook gelees word. Dit is elektronies beskikbaar in*

Suid-Afrika.

● Ons het gekies om net boeke te lees wat elektronies beskikbaar is. Onthou, jy het nie 'n Kindle nodig om Kindle-boeke te lees nie. Jy kan die toep gratis aflaai op jou rekenaar, tablet of slimfoon. ePub-boeke werk met 'n ingewikkelde Adobe-platform wat jy gratis kan aflaai.

Sê ja vir die lewe

Man's search for meaning
Viktor E Frankl

In sy klassieke werk ondersoek Frankl die psige van gevangenes in Nazi-konsentrasiekampe. Hy is oortuig dat die mens se diepste behoefte is om betekenis of sin te vind. Wanneer iemand se lewe betekenis het, kan hulle enigiets oorleef. Derhalwe kan mense altyd hulle gesindheid teenoor hulle omstandighede kies. Volgens Frankl vind mense betekenis deur

werk, deur liefde of deur swaarkry.

In hierdie tyd, waar ons moet aanpas by nuwe omstandighede en waar ons wêreld vir altyd verander, is die uitdaging daagliks om te kies hoe ons in hierdie omstandighede gaan reageer. Om te oorleef, moet ons iets vind wat sin of betekenis gee aan ons lewe. Frankl help ons om hieroor na te dink.

● *Engelse weergawe plaaslik beskikbaar in ePub-formaat en by Amazon op Kindle.*

Tyd vir dapper-wees

Following Jesus in a culture of fear
Scott Bader-Saye

Bader-Saye praat oor die rol van vrees in ons wêreld. Hy argumenteer dat dissipelskap waaghalsigheid vra, soos om vyande lief te hê, siekes te versorg, hongeres te voed en gevangenes te besoek. Teenoor die etiek van vrees daag Bader-Saye ons uit om dapper te wees en risiko's te neem – risiko's soos gasvryheid, vrede maak en vrygewigheid.

Hy skryf ook omvattend oor God se voorsienigheid as 'n storie waarvan ons deel is.

Nou, meer as vantevore in ons leeftyd, staan die kerk voor die uitdaging om dapper te wees. Die gevaar is dat ons in vrees sal terugtrek in ons huis, terwyl die evangelie ons uitdaag om steeds diensbaar te wees. Hierdie boek help ons om na te dink oor hoe ons getrou kan bly aan ons roeping, te midde van wydverspreide vrees.

● *Beskikbaar op Kindle en ePub.*

Gedwonge Sabbat?

Sabbath as resistance: Saying no to the culture of now
Walter Brueggemann

Brueggemann gebruik die verhaal van Israel as slawe in Egipte om te beskryf hoe angsmense dryf. Angs laat mense voel dat hulle die hele tyd besig moet wees. Sabbat, argumenteer Brueggemann, is beide verset teen en alternatief vir ang. Dit is verset, aangesien dit 'n sigbare aandrag is dat ons lewe nie

gedefinieer word deur die produseer en verbruik van goedere nie. Sabbat is ook 'n alternatief vir die konstante eise, geraas en teenwoordigheid van die verbruikersmasjien.

Die afsondering plaas ons in 'n gedwonge sabbat. Ons besig-wees word gerelativeer. Ons kan natuurlik kies om steeds angstig ons tyd te probeer vul met produktiwiteit. Of ons kan God vertrou en rustig nadink oor wat dit beteken wanneer ons sê dat God sorg.

● *Beskikbaar op Kindle.*

God en wêreld se pyn

Where is God when it hurts?
Philip Yancey

Yancey verdeel sy vraag na God in vyf onderafdelings. Hy begin deur te vra hoekom daar so iets soos "pyn" is. Daarna vra hy of pyn 'n boodskap van God is, waarna hy kyk hoe mense op pyn reageer. In die voorlaaste afdeling kyk hy hoe mense pyn kan hanteer. Heel aan die einde, in die laaste afdeling, vra hy hoe geloof ons kan help.

Om te leef tydens 'n pandemie, is om te leef met pyn. Gelowiges sal weer moet dink oor God se plek en handeling te midde van die wêreld se pyn. Yancey help ons wanneer ons met hierdie moeilike vrae worstel.

● *Beskikbaar op Kindle. Vir \$1,15 meer kan jy dit saam met Yancey se klassieke What's so amazing about grace op Kindle kry. Albei boeke is ook plaaslik saam beskikbaar. Kyk gerus ook na sy Disappointment with God, plaaslik en op Kindle beskikbaar.*

Hoe lyk begrafnisse wanneer ander nie daar kan wees nie?

NICOLAAS MATTHEE

Vir 'n lang tyd het ons nie nodig gehad om te dink oor 'n samelewing en 'n manier van lewe waar ons fisiese teenwoordigheid 'n bedreiging is vir die mense rondom ons nie. Ons kon aan die lewe deelneem in sowel die fisiese as die digitale wêreld, en hierdie deelname was tot 'n mate sonder perke. Dit wat goed is van elke spatie het ons behou en daarom is die inryteaters dood en kyk ons nou Netflix in die gemak van ons sitkamer.

Met die huidige omstandighede word ons gedwing om nuut en anders te dink oor baie van die dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar het in ons daaglikse lewe. Een van daardie dinge is begrafnisse. Ek gaan my nie hier uitspreek oor die fisiese bymekaarkoms vir die begrafnisliturgie nie. Die rede hiervoor is dat amptelike inligting skaars en onbetroubaar is en hierdie nie 'n forum is vir dié tipe dokumentasie nie. Hier gaan eerder riglyne gebied word om 'n holistiese verstaan van die dood, rou en gepaardgaande rituele te bevorder.

Die uitdaging – “the crafting of grief”
In Lorraine Hedtke en John Winslade se boek *The crafting of grief* kyk hulle vanuit 'n pastorale en sielkundige oogpunt na die konteks rondom die dood. Hulle werk is gebaseer op fisiese ruimtes, maar van die teorieë wat hulle gebruik staan los van die konteks van spatie.

Die dood en gepaardgaande rituele is onder andere 'n sameloop van duisende stukkie storie. Dit is 'n beginpunt en 'n eindpunt, vir ander 'n godsnarratief, en

weer vir ander 'n ontologiese en epistemologiese draaipunt. Die liturgiesame met die begrafnisliturgie en haar rituele doen baie dinge, maar een van die belangrikste dinge wat gebeur is dat 'n plek geskep word waar al die stories wat hierbo genoem is die geleentheid kry om verder te ontwikkel (of te eindig).

Tans is hierdie die uitdaging, hoe skep ons hierdie rituele spatie vir mense as ons nie fisies bymekaar kan kom nie? Om te begin werk na 'n plek waar ons beter verstaan kyk ons na twee aspekte van die proses “the crafting of grief”.

Lidmaatskap (membership)

Hierdie is nie net 'n fisiese lidmaatskap nie maar eerder 'n sosiale lidmaatskap. Elke mens behoort aan sekere groepe soos gesinne, families, vriende, kollegas ens. Party van hierdie groepe het meer betekenis as ander en afhangende van die groep se belangrikheid het dit 'n wesenlike invloed op elke lidmaat se identiteit. Wanneer 'n persoon doodgaan, word hierdie lidmaatskapstruktuur verander en kan 'n mens sê dat die groep dan 'n liminale (oorgangs-) posisie beklee. Een funksie van 'n begrafnisliturgie is om ook spatie te maak vir hierdie groepe en lidmaatskapstrukture om nuwe vorm te vind beide vir die identiteit van die individu en die groep.

Hedtke en Winslade verwoord dit as volg: “A person's membership is held, in life as in death, through the shared stories that live within the membership group. These identities and stories are not the sole property of an individual, as assumed in the modernist definition

of the self, but live within the networks or communities. They are a collective remembrance of times, experiences, and shared histories.”

Sonder om te diep in die filosofie te gaan, wanneer iemand doodgaan leef hulle eie en die groepe waarvan hulle deel was, se stories voort. As 'n liturgie speel ons 'n kritieke rol in die voortbestaan en herintegrasië van hierdie stories in die identiteit van die individu en groepe wat deur die dood aangeraak word.

Herinnering (memory)

Die begrafnisliturgie en gepaardgaande rituele draai rondom die herinnering van en aan die afgestorwenes en herinner ook die deelnemers aan God se verhaal van verlossing vir die mensdom. Om die dooies te onthou en selfs op 'n manier hulle aan die lewe te hou is algemeen wanneer dit kom by begrafnisse en wat tydens en daarna gebeur.

Met die gewildheid van sosiale media en die gebruik daarvan om amper elke deel van ons lewe te deel met die groepe waaraan ons behoort, het die manier waarop ons onthou ook verander. Ons onthou op meer plekke as ooit tevore en toegang tot ons herinneringe is meer openbaar as ooit tevore.

Hedtke en Winslade som dit goed op deur te se: “Who is remembering what version of the past and to which end? The importance of sociological concerns is its emphasis on the social organization and mediation of individual memory. Although it is the individual who is seen as the agent of remembering, the nature of what is remembered is

profoundly shaped by ‘what has been shared with others.’”

Dus is dit duidelik dat herinneringe aan en van die dooies noodsaaklik is vir die identiteit van individue en groepe en dat die tradisionele begrafnisliturgie plek maak vir mense om te onthou, en dan voort te gaan en te deel.

'n Paar wenke

In die lig van hierdie twee belangrike dimensies van rou en ritueel sal ek 'n paar wenke waag.

Indien daar wel 'n fisiese begrafnisliturgie gaan plaasvind, probeer om so min as moontlik mense daar te hê. Probeer hou by die mense wat die naaste is aan die afgestorwene.

Stream die begrafnisliturgie. In die afgelope paar weke moes gemeentes oor die hele wêreld vinnig gewoond raak aan die nuwe omstandighede en dienste is digitaal uitgesaai. Dieselfde kan geld vir 'n begrafnisdiens en dit kan selfs privaat gedoen word deur gebruik te maak van die uitnodigingsfunksionaliteit wat baie van die streaming platforms het.

Van hierdie platforms beskik ook oor 'n “chat”-funksionaliteit. Dit is 'n deel van die program waar mense tydens 'n stream boodskappe kan tik wat almal kan lees en op reageer. Tradisioneel het begrafnisdienste 'n gedeelte waar mense vorentoe kan kom om hulle stories van rou of blydschap te deel. Die liturgie kan vra dat mense hulle boodskappe in die “chat”-gedeelte tik en dit voorlees as deel van die liturgie.

Een van die eerste plekke waar mense gaan om hulle lidmaatskap en herinneringe te deel is sosiale media. As deel van 'n digitale liturgie kan daar spasies op Facebook, Instagram of enige van die ander platforms geskep word waar mense op 'n rituele wyse kan deelneem aan die liturgie.

Facebook is waarskynlik die maklikste. Indien die afgestorwene 'n Facebookblad het kan hierdie blad vooraf verander word in 'n gedenkblad. Mense kan hierdie dan ook gebruik as 'n plek om op 'n rituele wyse te onthou, rou en bemoedig.

In tye soos hierdie word ons uitgedaag om met kreatiewe oplossings na vore te kom, en as liturgie moet ons nuwe spasies skep waar mense iets van God en ander kan beleef. “The crafting of grief” is iets wat nog altyd op ons tafels was, maar nou het dit 'n nuwe konteks gekry.

► Dr Nicolaas Matthee se proefskrif het gehandel oor kuberbegrafnisse. Hy is 'n proponent betrokke by die NG gemeente Pretoria-Oosterlig.



NG GEMEENTE PHILIPSTOWN

Die kerkraad van NG gemeente Philipstown wag in afhanklikheid aansoeke in vir onderstaande pos.

VAKATURE: ONBEPAALEDTERMYNPOS OF VOLTYDSE VASTETERMYNPOS

Gemeenteprofiel: Philipstown is 'n klein plattelandse gemeente binne die Noord-Kaapland Sinode en die Ring van Hanover. Philipstown bestaan uit 120 belydende en 12 dooplidmate. Daar is 'n vennootskapsooreenkoms met die VGK-gemeente in plek om te help met die bediening van 85 lidmate en 40 kinders.

Leraarsprofiel: Bedieningsgeleentheid volgens Artikel 9 van die Kerkorde. Iemand met duidelike roeping vir die behoeftes van mense in die Bo-Karoo en platteland. 'n Hart om betrokke te raak in die gemeenskap en om saam met die gemeente die koninkryk sigbaar te maak.

Pligte:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding en voordele:

- Onderhandelbaar, met sinodale skaal 1 as riglyn.
- Pastorie met munisipale dienste, selfoontoelae.

Aansoek: Belangstellendes word uitgenooi om 'n CV met hulle besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van twee referente te stuur aan:

E-pos: ngkerkph@gmail.com

Sluitingsdatum: 28 April 2020.

Navrae:

- Charmain van der Westhuizen, 072 033 7193.
- Danie Truter, 082 923 2254.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

MAGALIESBERG GESINSKERK: NG MARIKANA NOORDELIKE SINODE Vakature: Voltydse leraarspos

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van leraar.

GEMEENTEPROFIEL:

Die NG gemeente Magaliesberg Gesinskerk is 'n plattelandse gemeente geleë aan die Magaliesberge. Hierdie gemeente bedien die myndorp, Mooiooi, en die omliggende plaas- en plotgemeenskappe. Daar is 'n goeie laerskool in die dorp, en busvervoer is beskikbaar vir kinders na hoërskole in Rustenburg en Brits. Die gemeente se plek van aanbidding en kantore is geleë in die ATKV-oord Buffelspoort. Die gemeente bestaan uit 340 belydende en 78 dooplidmate.

KANDIDAAT:

Hierdie leraarspos word vir gelegitimeerdes van die NG Kerk aangebied.

Benewens Artikel 9 van die Kerkorde, is die volgende vereistes vir die kerkraad en gemeente van besonderse belang:

- Besondere klem op die suiwerheid van die Woord en leer soos vervat in die belydenisskrifte met die vermoë om aktueel en dinamies te preek vir alle ouderdomsgroepe.
- Met die persoonlikheid en gawes om alle ouderdomsgroepe te bereik. Benewens ons ouer lidmate moet die kandidaat ook die gawe hê om te identifiseer en te werk met die jonger geslag onder ons lidmate, veral gesinne met kinders.
- Die vermoë om binne 'n liggaamsmodel doeltreffend te dien. In die lig hiervan moet die kandidaat 'n deelnemende bestuurstyl hê.
- Pastorale sorg en huisbesoeke sal hoë prioriteit geniet en sal in lyn met die missie en gemeentemodel van die gemeente met die kerkraad onderhandel word.
- 'n Bereidheid om in te pas by die gemeente se missionale gerigtheid om hulp en hoop te bring binne die plaaslike gemeenskap.

Die gemeente se model vir die bediening van die gemeentelidmate is beskikbaar op aanvraag.

VERGOEDING:

Die vergoedingspakket word aangebied volgens sinodale riglyne tot 'n maksimum van skaal 8 en gebruikelike voordele. Die gemeente beskik nie oor 'n pastorie nie, maar 'n behuisingstoelaag word wel aangebied.

AANSOeke:

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met minstens drie referente.
- Sluitingsdatum vir aansoeke is **1 Mei 2020**.
- Kandidaat moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt.
- Stuur aansoek aan: Die Voorsitter van die Pre-advieskommissie, ngmarikana@mweb.co.za.
- Navrae kan gerig word aan die Pre-adviesvoorsitter, Tjaart Barnard, sel: **082 808 0081** of Hendrik van Gass, sel: **082 553 0343**.
- Diensaanvaarding: So spoedig as moontlik (of soos onderhandel).

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te doen nie.



Vakature – Bestuurder DEGNOS

Diens en Getuie Noord-ooste streek of te wel DEGNOS is die missionale arm van die NG Kerk Namibië werksaam in die Noordoostelike gedeelte van Namibië. DEGNOS se primêre doel is die ontwikkeling en ondersteuning van plaaslike gemeentes en die toerusting van gelowiges wat die begeerte het om diensbaar te wees in die koninkryk van die Here.

> Die take van die bestuurder sal insluit:

- a) Opleier, programontwikkelaar en -fasiliteerder.
- b) Mentor vir kerkrade en leraars van San-gemeentes.
- c) Aktiveerder vir dissipelskapdoeleindes.
- d) Skakelbeampte om die werksaamhede van DEGNOS bekend te stel aan die breër publiek.
- e) Strategiese bestuur van DEGNOS.
- f) Kantooradministrasie en fondswerwing.

> Die idiale kandidaat sal oor die volgende eienskappe beskik.

- a) Dissipel van die Here Jesus Christus.
- b) Goeie kommunikeerder met die vermoë om met alle belanghebbendes op 'n doeltreffende manier te kommunikeer.
- c) Passievolle opleier.
- d) Gawe om lief te hê met oorgawe in alle omstandighede oor alle grense heen.
- e) Strategiese leier wat die organisasie kan lei op die pad wat die Here uitwys.

> Kwalifikasies en ondervindingvereistes

- a) NQF vlak 6 (3 jaar-diploma of graad).
- b) Gereformeerde teologiese opleiding.
- c) Aktiewe betrokkenheid in kruiskulturele dissipelskapprogramme.
- d) Aktiewe betrokkenheid in opleiding.
- e) Ondervinding in kantooradministrasie, finansiële bestuur en kerkbestuur.
- f) Ondervinding in mentorskap.
- g) Ondervinding in leierskap met veral fokus op langer termynstrategie.

> Sluitingsdatum: 30 April 2020.

Belangstellendes kan hul CV tesame met 'n bekendstellings brief rig aan: Die Beheerraad – DEGNOS en dit e-pos aan: hffuls@gmail.com

NG GEMEENTE HOOPSTAD

Vakature: Medeleraar

Hoopstad gemeente stel met vreugde en vertroue op God die volgende medeleraars vakature bekend.

Gemeenteprofiel:

Hoopstad is 'n plattelandse gemeente in die Noordwes-Vrystaat met sowat 705 belydende en 201 dooplidmate. Hoopstad is 'n sterk boerderygemeenskap met saailande as die belangrikste deel van die boerdery. Ons het 19 wyke en sowat 416 besoekpunte, waarvan 68 by die tehuis vir bejaardes is. Die gemeente beskik ook oor die dienste van 'n voltydse getuieswerker.

Droom en Visie:

Ons as gemeente glo dat ons op aarde geplaas is om hulp te verleen aan dié wat dit nodig het. Ons het 5 waardes waarvolgens ons alle werksaamhede inrig: Gemeenskap, Diensbaarheid, Aanbidding, Evangelisasie en Dissipelskap. Dit is ons droom om ons gemeente toe te rus om hulle gawes te gebruik in die gemeenskap om die Koninkryk van God te vestig op aarde. Ons wil groei in ons verhouding met God, mekaar, en ander dat ons so daagliks God se Missionale roeping kan uitleef.

Pligte: Soos omskryf in die Kerkorde Artikel 9, met byvoeging van huisbesoek om die gemeente te leer ken.

Vergoeding: Handel volgens die sinodale skale. Voorsiening word ook gemaak vir reiskoste, medies, pensioen en ander toelae. 'n Ruim en doelmatige pastorie is ingesluit by die pakket.

Aansoek: Gelegitimeerde leraars kan 'n volledige CV per e-pos stuur gerig aan die kerkraad by ngk hoopstad@gmail.com
Kandidaat op die kortlys moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud. Die kerkraad behou hom die reg voor om nie noodwendig die vakature uit een van die genomineerdes te vul nie.

Sluitingsdatum: 13 Mei 2020

Navrae: Ds Johan Koen, 053 444 1515 of 082 393 2944 of koenj@yahoo.com
Die Sakebestuurder: Me Zibbie du Toit, 053 444 1058 of ngk hoopstad@gmail.com

Christine van Wyk-Toere PASSIESPEL 2020

Verskeie toerpakette met of sonder Passiespel in Oberammergau beskikbaar tussen Mei - September 2020

Inskrywings word reeds aanvaar

Hou hierdie spasie dop vir opwindende toere in 2020. Toerprogram reeds beskikbaar

ONS BIED TOERE VIR DIE FYNPROEWER EN STREEF NA GEHALTEDIENS.

Tel: 012 546 4967 Faks: 012 565 5678
Sel: 082 377 9484 SMS/WhatsApp: 082 377 9484
E-pos: info@toere.co.za
Web: www.travelentoer.co.za

SMS die woord TOERE gevolg deur 'n spasie en jou e-posadres aan 41876.



AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NG KERK

BEROEP: Ds Carine Botha van Blinkpan na Krielpark; dr EP Büchner, hoofbestuurder ACVV, na Stellenbosch-Noord as tentmakerleeraar; prop Handre Meyer na Cedarville-Matatiele; ds Jakkie Strachan van Lynn-

wood na Welgemoed; ds WJC van Beek na Pietersburg (Moeder gemeente).

AANVAAR: Prop Gerhard Enslin na Sederpark (Lichtenburg).

HOËVELD

BEVESTIGING
Hendrik Ostenwaldt Niemandt (Waldo) is op 26 Maart 2020 as diensleeraar van Jubilaté gemeen-

te bevestig (Amour Kluever, Gemeentekoördineerder, 27.03.20).

OOSTELIKE SINODE

DEMISSIE

Ds Mathys Christian (Christie) Smit het sy emeritaat ontvang aan die einde van Feb 2020 vanaf NGK Lydenburg. Hy is aangestel in 'n vastetermynpos vir 'n verdere jaar tot einde Feb 2021. (Ina Botha, Skriba, 25.03.20).

DIE BYBEL IN FOKUS

LOUIS JONKER
JAN BOTHA
ERNST CONRADIE



'n Hulpmiddel om die Bybel in moderne tye krities tóg gelowig te lees met vastrappele om opnuut God se stem uit die Bybel te hoor.



Bestel by | Bybel-Media: bestel@bmedia.co.za | 0860 26 33 42 | www.cumbbooks.co.za
Volg Lux Verbi op: @LuxVerbiBoeke @luxverbi | www.luxverbi.co.za

Luister nou na Radio Kaapse Kansel

729AM

Jou Christelike gesels-radlostasie in die Wes-Kaap



Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.

Adverteer jou besigheid op radio kontak vir, Kosie Burger
kosie@kaapsekansel.co.za

Vr meer inligting:
021 917 7000
www.kaapsekansel.co.za
Info@kaapsekansel.co.za



ALGEMEEN

WATERWYS: Wetenskaplike. Jare ondervinding in VIER Afrika lande. Johan Barnard (Pr Ing) 082 967 4627.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selsorgeenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN
B@HOME

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selsorgeenheid met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.
Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of 083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250.
Skakel Hanlie, 084 400 2693.
hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

BOGGOMSBAAI: Gerieflike vakansiehuis (slaap 6) te huur, enige tyd deur die jaar. Binne loopafstand van die see met pragtige strand. Volledig toegerus. Bel of stuur WhatsApp na 083 557 2131.

Om te adverteer in Kerkbode,
kontak Hanlie Raath: Tel: 023 342 6030
Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom
graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familie gevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weklíks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en Dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**
Webblad: **www.perthunitingchurch.com.au**
E-pos: **hannesh@ucic.org.au** en **hermann@ucic.org.au**

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selsorg gesins-woonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenheid volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuis, woonstede en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

REEBOK/TERGNIET
(MOSSELBAAI)

2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

MARGATE/MANABA STRAND: Ithaca-woonstede - stapafstand van Lucien en Margate strande. Oopplan woonstel - slaap 4 (2 volw en 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba Spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.


UVONGO: Selsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

UVONGO: WILI-WERK-NI, OPPI-DRAAI. 2 ten volle toegeruste vakansiehuis. Almal het pragtige see-uitsig. Loopafstand na strand. TV, braaigeriewe. Afstandbeheerde parking. Skakel Willie of Poppie Brits by 039 317 2076, 082 746 4852.

WILDERNIS: ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selsorgwoonstel met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beaty 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

DWARSWEGSTRAND

5 km vanaf Groot-Brakrivier, 25 km van George asook Mosselbaai. Ten volle toegeruste 4 en 3 slaapkamer-huise (sommige met motorafdakke) reg voor op die see, 2-slaapkamerwoonstede, seefrontwoonstede (slaap 2) - stapafstand van die see, 34 staanplek woonwagpark (drie ster geradeer) met krag-, waterpunte en braaigeriewe, sommige staanplekke reg voor op die see, 24 uur sekuriteit by ingang.



Kontak by **044 879 1010**, bespreek aanlyn by **www.dwarswegstrandoord.co.za** of stuur 'n e-pos na: **oordbesprekings.dwarswegstrand@axess.co.za**

Spesiale tariewe vir SAOU-lede en pensioenarisse.

Umhlanga gemeente gaan deur 'n seisoen van verandering.

Sedert ons vorige advertensie in Oktober 2019, het ons senior leraar na bykans 24 jaar diens sy emirataat ontvang en vroeër vanjaar het ons junior leraar onverwags bedank nadat haar man 'n werksgelentheid in die buiteland aanvaar het en hulle dus emigreer.

Genoemde gebeure plaas ons gemeente in totaal nuwe omstandighede.

Met nadere ondersoek, nadenke en baie gebed, het die gemeenteraad besluit om die twee voltydse poste te konsolideer in 'n enkele pos en stel ons dus die volgende pos vir 'n voltydse leraar bekend.

Vakature: Voltydse leraar

Die NG gemeente Umhlanga se visie is om in Jesus se voetspore te volg. Dit beteken ons is 'n liefdesgemeenskap, 'n geloofsgemeenskap en 'n verkondigingsgemeenskap. Ons het God en ons naaste en die wêreld lief en ons glo in Jesus en in die algam van God. Ons verkondig Jesus se liefde en genade aan die wêreld. Ons waardes word bepaal deur die riglyn wat Jesus in Mattheus 22 saamvat wanneer Hy leer dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself. Dit is ons droom dat elke lidmaat die vrug van die Gees sal dra soos dit in Galasiërs 5:22 beskryf word.

Gemeenteprofiel:

- NG Umhlanga lê in die hart van Umhlanga. Umhlanga is 'n multikulturele en sterk diverse omgewing. Die gemeente is 'n dinamiese, vloeiende en voorstedelike gemeente, geleë in 'n omgewing van (oorwegend) Engelssprekende kerke aan die noordelike kus van Durban met ongeveer 490 belydende en 159 dooplidmate.
- Die gemeente word tans deur een leraar bedien in 'n 25%-pos.
- 'n Derde van die lidmate is ouer as 60 jaar en het 'n behoefte aan meer tradisionele eredienste, terwyl die jonger lidmate streef na vernuwung, terwyl hul steeds met die suiver Skrif in hulle moedertaal bedien wil word.
- Ons orkes is bekend vir hul musiek en in ons voorsang en erediens, sing ons Afrikaanse sowel as Engelse liedjies uit verskeie bundels. Ons orrel word ook van tyd tot tyd ingespan.
- Daar is verskeie uitstekende hoër- en laerskole in die omgewing.

Leraarsprofiel:

Die gelegitimeerde predikant wat die Here in hierdie gemeente kom dien, het verkieslik tussen 12 en 15 jaar ondervinding en sal verantwoordelikhed neem vir:

- Die ontwikkeling en implementering van 'n strategie wat meelewing, groei en betrokkenheid by die gemeente bevorder en uitbou.
- Die ontwikkeling en implementering van jeugbedieningstrategieë met die doel om groei en ontwikkeling onder die jeug te bevorder.
- Bou op die kommunikasie-middele en bedieningskanale alreeds in plek, deur die gebruik van multimedia en ander sosiale platforms om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- Kontak met lidmate in verskillende lewensfasies en omstandighede besef en bereid is om met passie daaraan uitvoering te gee.
- As sterk kommunikeerder dinamiese prediking en Woorduitlegging sal toepas vir die omstandighede van die dag.
- As instrument in die hand van die Here in spanverband sal werk om God se doel vir hierdie gemeente te help uitvoer.

Vergoeding:

'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied. Die volledige vergoedingspakket, wat 'n behuisingssubsidie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoek:

Belangstellende leraars van die NG Kerk word uitgenooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Etienne Thiebaut by: **kantoor@ngumhlanga.co.za**

- 'n Aanvullende motivering moet die aansoek vergesel waarin aangedui word hoe die kandidaat met sy/haar besondere talente kan bydra tot die vernuwung en groei van die gemeente.
- Kandidate wat oorweeg word, kan genooi word vir 'n onderhoud en om moontlik 'n erediens binne die gemeente te lei.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.
- Die Pre-advieskommissie behou die reg voor om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.

Sluitingsdatum: 31 Mei 2020.

Diensaanvaarding: 1 Augustus 2020 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae:

- Die Voorsitter van die Gemeenteraad: Etienne Thiebaut by: **kantoor@ngumhlanga.co.za** of sel: 083 631 1647.
- Ds Nico Jv Rensburg: **jansevanrensburgnico297@gmail.com** of sel: 082 927 5742.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

Dana bly tuis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Palmsondag: Soos Noag, soos Jona ...

Laatmiddag stap ek uit in my klein voortuin. Die honde draai om my. Hulle wil gaan stap, maar ons mag nie gaan stap nie. Dit het 'n oortreding geword om buite jou erf te wees.

Ek gaan sit op die bankie teen die muur. Ek kan nie die see sien nie, maar ek kan die geruis van die see hoor, en kort-kort die dowwe slag wanneer die water teen die rotse by die visfabriek slaan. In die lug is die geil reuk van verrotte seebamboes. Nêrens is iets wat beweeg nie. Ek voel soos Noag op die dek van die ark.

Nêrens in die land het mense vandag saam in 'n kerkgebou gesit nie. Op baie plekke in die buiteland was dit dieselfde. In Spanje. In Italië. In Amerika. Oral geld maatreëls wat mense belet om in groepe byeen te kom – alles om te probeer verhinder dat die Covid 19-virus verder versprei. 'n Vriendelike omhelsing het 'n moontlike doodsvonnis geword.

In die koerant was vanoggend 'n opskrif: "Die helfte van die wêreld moet tuisbly". Toe onthou ek weer hoe oorlede Pa of Ma – meer dikwels Pa – my soms, toe ek 'n kind was, vies na my kamer gestuur het wanneer ek ongehoorsaam was of orig geraak het wanneer mense by ons gekuier het. "Kamer toe!" sou Pa beveel en gang-af beduie. "Kamer toe!"

Dit was jou straf: In jou kamer moes jy gaan nadink oor wat jy verkeerd gedoen het. Daar, alleen, moes Pappa se stout seuntjie tot inkeer kom.

Dit voel onwerklik: In New York, die stad wat nooit slaap nie, is die strate nou stil terwyl ek hier op stil Jacobsbaai sit. In Madrid is dit stil. In Londen stil. Elke dag sien jy die beelde van leë strate en kantoorblokke oor die televisie.

Ons is kamer toe gestuur. Ons is saam met Jona in die walvis se ingewande.

Vanoggend het ek vir 'n ruk voor my rekenaar gesit en soek tussen al die virtuele kerkdienste wat op die internet aan die gang was. Een predikant staan op die grasperk voor 'n kerkgebou en preek. 'n Ander een is in sy sitkamer, met skuins agter hom teen die muur 'n skildery van 'n leemannetjie onder 'n doringboom.

Daardie pastoor wie se hemp so styf oor sy gegimde bo-arms span vergelyk die virus met die Bybelse plae wat Egipte getref het. "It's the finger of God!" bulder hy oor sy leë ouditorium uit. "We're experiencing God's anger!"

Ek weet te min van God af om te weet of Hy ons met hierdie virus wil straf. Ek is skepties oor mense wat met te veel selfvertroue en bombasme oor God se bedoelinge praat.


Het ons nie miskien hierdie virus oor onself gebring nie? wonder 'n mens.

My honde het hulle versoen met hulle lot. Twee van hulle lê nou op die stoep, die ander een is by my voete, kop op die pote. 'n Slak sukkel teen die tuinmuurtjie uit.

Die aarde, sê die wetenskaplikes, is 'n lewende geheel. Alles is verbind aan mekaar, en afhanklik van mekaar: Lug, water, grond, die plante, die insekte, reptiele, die diere; en ons, die mens. Alles een. Wat met 'n vlooi of 'n olifant gebeur, raak ook my op 'n manier.

Maar ons met ons onbepaalde begeertes en grenslose drome het die ewewig wat tussen alles behoort te bestaan, ernstig versteur. Ons wat knaend soos 'n bedorwe kind net meer wil hê, hê, hê. Nog motorkarre, nog rooivleis, nog 'n skivakansie.

Ek is verbaas oor die hoeveelheid goed wat ek elke dag in die asdrom smyt. Die vrou wat my huis skoonmaak, mag nie in hierdie grendeltyd werk nie. Opeens is ek in beheer van my eie vullis: plastiekhouders, -bottels en -sakke.



'n Halfgeëete aluminiumbakkie macaroni-en-kaas. Twee onklaar gloeilampe. 'n Gebreekte gordel.

Oral in my huis is die bewysstukke van 'n onnadenkende verbruikerslewe: drie skeermesse in die badkamerkassie, 'n kasvol hemde waarvan ek net die helfte dra, twee ou selfone in die bedkassie se laai. In die mandjie langs die TV-stel is agt of nege van hierdie afstandbeheerders – selfs vir die videomasjien en DVD-speler wat ek nie meer het nie.

Die ys in die Noordpool smelt, in Australië was apokaliptiese brande, eilande van plastiek dryf in die see, en op Kenhardt in die Boesmanland het dit nege jaar laas ordentlik gereën. Miskien moes hierdie virus kom om die ewewig te probeer herstel.

Die son sak agter die huise oorkant die straat in. Die aalwyne in die bedding se skaduwee raak al bleker, en verdwyn. Die lug begin gloei: eers silwer, dan al rooier.

Dan is hulle daar: die ibisse. Laag kom hulle oor die huise se dakke uit Swarriet se rigting gevlieg, asof hulle die seën op die dag kom uitspreek – reeds die tiende dag wat ons almal tuis moet bly. Ek verbeel my ek kan die suising van hulle vlerke deur die lug hoor. Al verder vlieg hulle weg. Teen die muurtjie beur die slak steeds boontoe. In die honde se drinkbak dryf 'n helder halfmaantjie.

Na Pasternoster se kant toe sal die ligitoring by Cape Columbine heelnag die donker oor die see wegvee.

Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasionaal.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasionaal.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE